

lukkig net gedeeltes handelende oor die voorbereidings vir die nagmaalsviering leesbaar is, is 'n kosbare historiese dokument. Aangesien die notule van die Kaapse kerk vir 1695 tot 1718 verlore gegaan het, is die Stellenbosse die oudste wat bewaar gebly het.¹⁾

2. ADAM TAS, „DE BEKWAAMSTE TER PENNE”.

Die vryburger, hetsy Hollander of Fransman of Duitser van geboorte of afkoms het dit as sy werk beskou om te boer; die skryfwerk, leeswerk, handhawing en opbou van die geestesgoedere het hy aan 'n ander klas oorgelaat. Maar onder die Stellenbosse vryburgers was daar tenminste een wat die pen veel raker kon voer dan die amptenare en die geestelike leiers self. Die *Dagregister van den Landbouwer Adam Tas*, 'n dagboek op geen voorskrif van owerheidsweë maar uit eie gemoedsdrang ontstaan, is 'n pronkstuk onder die Hollandse geskrifte van die eerste helfte van die 18de eeu.²⁾ Daar is 'n

¹⁾ Vgl. FRANCKEN: *Huisonderwys aan die Kaap, Die Huisgenoot* 1932, 5 Aug.

²⁾ Uitgegee met 'n Inleiding en 'n Ondersoek na die klagte van die vryburgers deur Prof. LEO FOUCHE, waaraan die lewensbesonderhede ontleen is. London 1914.

'n Herdruk van die *Dagboek* is baie wenslik. Verder is o.a. die volgende werke geraadpleeg, behalwe die uitgegewe argiefstukke van die jare 1696 tot 1708:

H. C. LEIBBRANDT: *Rambles through the Archives*, 1887.

Defence of Willem Adriaan van der Stel, 1897.

ABRAHAM BOGAERT: *Historische Reizen*, Amst. 1711.

Gedichten, Amst. 1723.

FRANÇOIS VALENTYN: *Oud en Nieuw Oost Indien*, Vol. V. *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop, met de Zaaken daar toe behoorende*. Amst. 1726.

J. COLVIN: *Romance of South Africa*, 1809 en sy Inleiding in MENDELSON'S *S. African Bibliography* van dieselfde skrywer.

Mrs. A. F. TROTTER: *Old Cape Colony*, 1903.

Prof. J. EDGAR: *The Expansion of Europe*, Dl. I.

DOROTHE FAIRBRIDGE: *Historic Farms of South Africa*, 1931.

J. S. STAVORINUS: *Reizen van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop in 1768—1771*, 2 dln. Leyden, 1793.

J. C. DOMINICUS: *Het Huizelijk en Maatschappelijk Leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18de eeuw*, 's-Gravenhage, 1919.

belangrike punt van verskil met die offisiële geskrifte en al die dagregisters en briewe tot dusver bespreek. Die het die klemtoon in die verbinding Hollands-Afrikaans steeds steeds op die eerste gedeelte gelê, hul is toegespits op die vaderland Holland, maar van nou af verskuif die klemtoon na die tweede gedeelte, na die nuwe vaderland Suid-Afrika, by TAS die landbouer sowel as by sy meesters wat hul ook op sy bedryf gaan toelê. In sy Dagboek lê iets van die warmte van die Afrikaanse son wat die stramheid en stroefheid losmaak, iets wat vreemd is aan die stugheid wat die newels van die Noorde bring, iets van die Kaapse druiwesap wat opwek en gemoedelik maak maar ook byt op die tong in die nasmaak. Hy het dit tog nooit vir publikasie bedoel nie en kritiseer en bespot iedereen maar daarop los.

ADAM TAS in 1668 in Amsterdam gebore, kom in 1697 as vryburger na die Kaap. Hy gaan inwoon op „Meerlust” die plaas van sy oom HENNING HUSING, die rykste boer en aanvanklik ’n vriend van die Goewerneur, wat hom in 1700 die kontrak vir die lewering van alle vlees aan die Kompanjie versorg. Voorlopig hou die jong TAS hom besig met die sekretariswerk van sy oom, maar twee jaar na sy aankoms is hy Vaandrig van die Burger-infanterie. Geseën met ’n opgewekte, vrolike natuur, sal hy wel genoeg plesier gemaak het, en sy vyande vertel, dat hy hom „als een ledigganger met te lopen slenteren, en dagelijks bij de buurt kwade snaps te voeren”, ¹⁾ gedra het. As dit waar is, kom daar verandering in sy vrolike lewentjie, toe hij in 1703 met die weduwee van die vryburger HANS JURGEN GRIMPE trou en saam met die „ryke boerinne” ’n pragtige plaas op die koop toe kry. „In deze graazige klaverweide kwam deze scheinheilige schoft, die met straatslypen en met een zo veel jaren gevoert luy leven niet veel bevoordeelt hadde, tot een gelukkigen, rustigen en zeer vermakelyken staat”, ²⁾ vertel WILLEM ADRIAAN. Maar die goewerneur steun dikwels op sy verbeelding vir sy

¹⁾ In die „Verantwoording” van VAN DER STEL, *Bogaert Hist. Reize*, p. 579.

²⁾ Ibid p. 580.

feite, waar hy hom in sy *Korte Deductie* teen sy vyande verdedig of die Afrikaanse boerelewe teken as 'n luilekkerland, vloeiende van melk en heuning, waar „tien a twalef schottelen, gevult met pasteyen, taarten, kalkoenen, ganzen, hoenders enz. op tafel” ¹⁾ staan.

Reeds in 1704 het die oom van TAS, HENNING HUSING 'n boer uit Hamburg afkomstig, by die Bewindhebbers gekla maar dit was in Augustus 1705 met die opveiling van die wynpag dat die boere, uit die staanspoor uit tog geneig tot ontevredenheid en ondankbaarheid, tot openlike verset kom. ADAM TAS, die sekretaris van HUSING, „een sierlijk schrijver” word deur die burgers wat in die huis van HUSING vergader het, versoek om 'n klagbrief waarin die griewe van die boere uiteengesit word, op te stel. Die „*Klachtschrift*”, sy eerste pennevrug aan Here XVII, kan maklik vergelyk, wat die styl betref, met die beste offisiële stukke, wat op die Sekretarie klaargemaak was. ²⁾ Dit begin ook met die geykte vorm van 'n 17de eeuse offisiële stuk, maar al gou word die styl gemakliker en leniger, soos sy verontwaardiging styg en sy betoog klemmender word oor die onwettige grondbesit van die amptenare, die groot boerderye wat hul daarop aangelê het, en die konkurrensie met die vryburgers op elke gebied.

Artikelsgewys word die punte opgestel en behandel. VAN DER STEL het, in die woorde van die skrywer, „alle negotie, welke den landbouw kan verschaffen, bestaande uit Koorn, Wyn en Vee, den Vryburger onttrokken,” en hul hierdeur „de hartader, wy menen de gepermitteerde en vrye Negotie, afgesneden.” Die boere moet dus „uit een mans hand azen” en die sal hul nog „het land uit boenen.” ³⁾

Die artikels wat die beskuldiging van omkoopbaarheid en omkoperie bevat, is nie in minder kragtige en minder skilderagtige taal gestel nie. Die Goewerneur gee geen land aan die

¹⁾ BOGAERT: *Hist. Retze* p. 580.

²⁾ *Klachtschrift* opgeneem in die *Korte Deductie* en die *Contra Deductie*. Engelse vertaling in LEIBBRANDT: *Defence of W. A. van der Stel*.

³⁾ *Klachtschrift* Artt. 1—6, 15, 16, 19—21, 29—33 handel oor die groot boerderye. Uitvoerig bespreek deur FOUCHÉ, Hoofstuk V.

boere nie of hul moet hom „eerst en alvorens.... rykelyk met geskenke.... begroeten” met die gevolg dat TAS tot die konklusie kom dat WILLEM ADRIAAN „een geessel van deses lands inwooners” is, sy beste vriende „schoften, die sigh met schelm- en diefstukken behelpen” en hy Here XVII om verlossing moet smeeke van ’n „onverdraeglyk juk”.¹⁾

ABRAHAM BOGAERT wat met die retoervloot aan die Kaap vertoef het en aan die kant van die boere later sy pen gebruik het in sy *Historische Reizen* (1711) en in sy *Gedichten* (1723), het die stuk op 4 April 1706 meegeneem na Holland. Later het TAS ’n veel lywiger amptelike stuk van oor die drie honderd bladsye opgestel, die *Contra-Deductie* wat uiters moeilik lees maar waarin ons tog hier en daar die „sierlijk schrijver” herken.²⁾

Maar dit is in sy *Dagboek* waar ons sy skrywerstalent die meeste bewonder. Vir die historikus is die ontdekking van fragmente van kopieë daarvan wat bewaar gebly het dank sy die versamelsug van VAN DESSIN, van onskatbare waarde gewees om die nuwe lig wat dit gewerp het op die bestuursmetodes van die Oos-Indiese Kompanjie en van WILLEM ADRIAAN uit boerestandpunt bekyk. Daarby is dit vir die kultuurhistorikus een van die beste bronne vir ons kennis van die Stellenbosse maatskappy en van die sosiale omgang in die omtrek waarin die Franse vlugteling ’n vername rol gespeel het. Vir die kunskritikus van ons vroeë Dietse skrywers is die *Dagboek* van nie minder betekenis as psigologiese dokument van die eerste rang, gestel in ’n losse, gespierde, kleurryke taal wat vergelyking kan deurstaan met die allerbeste wat in die begin van die 18de eeu in Holland op die gebied van die lettere gelewer is, wat spontaneiteit en natuurlikheid betref.

In die eerste aantekening in ons besit, die gemaak op 13 Junie 1705, hoor ons dat onder die huishoudelike artikels

¹⁾ Klachtschrift Artt. 7—14, 17, 18, 22—28, 35, 36. Vgl. FOUCHE, Hoofstuk V.

²⁾ *Contra-Deductie, ofte grondige Demonstratie van de valsheit der uitgegevene Deductie*, bij den Ed. Heer WILLEM ADRIAAN VAN DER STEL, enz. Amst. 1712.

soos kouse, „catjes” tee en jenever wat ’n vriend vir TAS uit die Kaap van HUSING se plaas meegebring het, is ook „’t boeck behelsende ’t bedrieff van de gebroeders CORNELIS en JAN DE WIT en elf stuks boekzalen voor desen aan Mr. STARRENBURG en naderhand aan Mr. VAN PUTTEN geleent”, en ook „’t predikatie boek van de heer BALTHAZAR BECKER gezegender geheugenis”. TAS leen dus boeke uit aan die later berugte Stellenbosse landdros STARRENBURG en aan een van die vroegste reisigers na die Warmbad. Mr. VAN PUTTEN, die Pakhuismeester, lid van die Politieke Raad en van die Raad van Justisie, die opsteller van ’n *Dagverhaal wegens de reis naar ’t Warme Water*”,¹⁾ 1710; hy lees die bundel *Predicatieën* (van 1694), een van die talryke teologiese werke van die vrysinne predikant wat met *De betooverde Wereld*”²⁾ dit gewaag het om die bestaan van ’n persoonlike duiwel in twyfel te trek. ’n Paar weke later stuur hy „een brieff aan mr. STARRENBURG aan wien ’t 14e uyttreksel stuckje, van W. SEWEL hebbe gezonden”.³⁾ Naas BALTHAZAR BECKER lees hy dus ook WILLEM SEWEL, die bekende 17e eeuse taalgeleerde wat die *Boekzaal van Europa, Maandelijksche Uittreksels of Boekzaal der Geleerde Wereld* van PETRUS RABUS voortgesit het.⁴⁾ Hul is ver van die Europese beskawing af maar as boekevriende bly hul tog goed op die hoogte van wat in die vaderland verskyn. Aan die Kaap het daar nog geen koerante of tydskrifte bestaan nie, alles moes nog in Holland gedruk word, selfs ’n posdiens was tot 1795 nog onbekend. Die Bybel en die gesangboek van WILLEM SLUYTERS was sowat die enigste boeke in die boerehuisgesinne en tog teken TAS, die landbouer op 6 Julie 1705 weer aan dat hy die sieketrooster MAHIEU betaal het „voor drie boeken, door mij up de vendu van den Hr. VAN LOONS boeken gekogt”. Dit is ’n tyd waarin alleen maar die „geleerdste praeceptors” aan die Kaap by hul onderwys gebruik maak van werke soos

¹⁾ Uitgegee deur GRAHAM BOTHA in die publikasies van die Van Riebeeck Society, 1924.

²⁾ Vgl. J. PRINSEN: *Handboek* p.

³⁾ *Dagboek* in dato 2 Julie 1705.

⁴⁾ Vgl. J. PRINSEN: *Handboek* p.

Schets van d'Outrein, Oostrum over Heidelbergsche Cathegismus en tog lees TAS die werklike groot denkers van sy eeu. Die tweetalige Franse in sy omgewing het ook nog „*Le Cathechisme d'instruire les enfants en la Chrestienté, fait en maniere de Dialogue, où le ministre interroge et L'Enfant répond*” en die vertaling daarvan *Catechismus ofte Ondewijsinge in de Christelike Leere, die in de nederlandsche Gereformeerde Kercken ende Scholen geleert wordt*” tot hul beskikking gehad.¹⁾ Maar met die Nuwe Testament in Frans sowel as in Nederlands, die Psalme in die Franse vertaling van CL. MAROT en TH. DE BEZE en in die Nederlandse van PETRUS DATHENUS het hul lees- en sangstof sowat begin en geëindig. Des te merkwaardiger ADAM TAS se literêre smaak, sy liefde vir die boek, waarvan VAN DESSIN enkele met 'n „*Ex libris Adam Tas*” in sy versameling vergaar en vir die nageslag bewaar het.

Hoe graag TAS ook boeke ontvang, dit is die dinge wat hy in die daelike lewe die nodigste het, wat hy die graagste ontvang van sy vriende en ook weer met genoeg aan hul uitleen. Behaag die geskenke hom, dan is hy daar opgetoë oor, beval hul hom nie, gee hy dit met 'n rojal gebaar weg en kritiseer die gewers of die geskenk met allerlei geestige opmerkinge.

So word die kneg JACOB na die Kaap gestuur en ry vandaar met 'n briefie na Groenkloof, die weiland van Oom HUSING, „om de twaalf veersen dik met kalf voor JANTJE vandaar te haalen”, „zynde dit een pillegift, die wel een dubbele dankzegginge waardig is”²⁾ van Oom HUSING. Volgens onheuglike tye het Europese kinders van peetooms en peettantes „pillegifte”, gewoonlik silwer voorwerpe in die vorm van bekere of speelgoed by die doop gekry. Maar JANTJE was 'n Afrikaner en sy „pillegift” dra 'n Afrikaanse stempel, wat dit tot vandag toe nog bewaar onder peetooms van sy nageslag. Maar as TAS van Oom HUSING „een houwer en portepée” present kry, kom die kieskeurigheid in kleretooi van die gewese Vaandrig

¹⁾ Vgl. FRANCKEN: *Huisonderwys aan die Kaap, Die Huisgenoot*, 1932.

²⁾ *Dagboek* in dato 23 Juny 1705.

weer bo. Hy bly tog maar die H. van die ou A.B.C.-boekie, die „Held met een Houwer op zij” en taamlik ondankbaar flap hy dit daar uit „dan dat swaard gevalt my gantsch niet, 't gelijkt wel een Kaffers zijdgeweer”.¹⁾ Ander dinge wat hom nie beval nie, word JACOB mee vereer as hy hom in 'n goedgewige bui voel soos die „nieuwen hoed, zijnde een van de hoeden die my uyt het vaderland zijn toegezonden”.²⁾

Hy is joviaal en gasvry, vind dit ook goed, dat sy vriende van sy landbougereedskap gebruik maak, selfs in sy afwesigheid. Ons sien die hele familie met hul kuiergas, die suster van Tas, na die huis van hul buurman NEL, stap waar JANTJE, die later skoolmeester³⁾ met groot oë die „agt kindertjes bij elkander” aankyk.⁴⁾ By hul terugkeer is die vryburger „CLAES VEGTMAN de kreupele Vulkaan” nog besig, om twee wingerdmesse op hul slypsteen skerp te maak. CLAES word ingenooi en onder mekaar word enige glasies „binnen gelapt”.

Op elke plaas, waar TAS kom om handtekeninge vir die klagbrief te kry, veral op „Welmoed”, die plaas van VAN DER HEIDEN, raak hul „wakker aan 't keuvelen en aan 't Bee keren, het smookkruid wierde niet vergeten”.⁵⁾ Maar dis op die dorpie self waar die meeste drank verswelg word, waar die skinderpraatjies die weligste tier. Die vroue drink „een teetje”, die mans konsumeer „met elkanderen eenige glaasjes wyn en eenigs pypjes met smookkruid”, en so „onder 't smooken” word meegedeel, watter oorlog daar onder die bure ontstaan het ten gevolge van 'n grief of 'n geskil. Op so'n geleentheid hoor hy en vertel lustig hoe die skoemaker JAKOBUS VAN DEN BERGE „met zijn boosaadig wijff ge-adsisteerd”, hul slagoffer, die vrou van CHRISTIAAN MARTENSZ”, in de wandeling „Mostert's Marij genaamt”, toegetakel het. In TAS se beskrywing hiervan en van ander dergelike gevalle

¹⁾ *Dagboek* in dato 4 July 1705. „De geweldiger en Kaffers” beteken „de beul en zijne rakkers” verklaar A. BOGAERT. Vgl. FOUCHÉ: *Dagboek van Adam Tas* p. 28.

²⁾ *Dagboek* in dato 13 July 1705.

³⁾ Vgl. FRANCKEN: *Die familie van Adam Tas, Die Huisgenoot*, 1926.

⁴⁾ *Dagboek* in dato 30 Juny.

⁵⁾ *Dagboek* p. 114.

kom dikwels 'n growwe uitdrukking voor, maar hy bly tog altyd geestig, amusant. MARIJ word deur „'t wijf van den schoenflicker” met 'n pik so mishandel, „dat er 't bloed bij neer liep; deselve viel door die slag ter aarden; toen quam de schoenmaker toeloopen en trapten dat nederleggende vrouwe-schepsel met de voeten op de borst, buijk, enz. Ondertusschen was des flickers wijff ook niet stil, maar roerde de vuijsten soo hard als zij konde, en ongetwijfeld zouden ze dat schepsel hebben dood geteijsterd”,¹⁾ as ds. BECK nie op die toneel afgekom het nie. Talrike verslae van dergelike voorvalle kan ons in die kriminele Prosesstukke van omstreeks die tyd naslaan, maar selden vind ons 'n voorval so skilderagtig afgebeeld. Veral „des flickers wijf” is in Breugheliaanse kleure geteken. Waar TAS self of sy familie die voorwerp van skinderpraatjies is, stel hy hom met dreigemente tevrede. As die vrou van die „Noordsen landdrost STARRENBURG” oor die vrou van TAS 'n „dikhujdige leugen” vertel, nl. dat sy twee jaar gelede op TAS se bruilof nie genoeg vlees gehad het nie en die hele namiddagbesoek in die huis van DU TOIT, met die verhaal vir sy suster bederwe, teken TAS op: „Men zal dese geweene provisioneel grootsche land-drostinne by gelegenheid hierover eens spreek”. As hy haar sien, „dan derven se haar smoelwerk niet open doen”. Ru geskets maar met een veeg van die kwas staan die „Land-drostinne” vlak voor ons.

Dis opmerklik, hoe TAS telkens nuwe, oorspronkelike, fris, hoewel soms ook ruwe volksuitdrukkinge besig, vir die begrip dronkenskap en brasparty hou, iedereen met 'n klein nuansering in betekenis. Nou is dit „gepeuselt en gebeekert”, dan „verschyde beekers wijn gestort”, „glaasje wijn binnen gegoten”, of die ontbyt word met wyn „gelarderd”. In luimige skerts vertel hy, hoe sy vriende en kennisse daaruit gesien het op so'n geleentheid en hoe hy self na huis „gerolt” of „geslentertert” is. As hy die gewese landdros ROBBERTS by 'n gasmaal tref, word die man vergelyk by „een ezel, die wywater geslobbert heeft”, en sy beweginge by „swerven als een swaluw met een

¹⁾ *Dagboek* p. 6.

wiek." Openhartig genoeg, verklap hy sy eie toestand na die vrolikheid: „ik ben eijndeljk vol en zoet met suster na huijs geslentert en zoo rechtstreeks thuijs gegaan off ik met een leijn getrocken wierde, maar toen ik thuijs in stilstand geraakte bevond ik welhaast dat ik 't niet van hooren zeggen hadde, maar dat ik paaij Bachus zelfs hadde gesprooken." ¹⁾ So 'n beeld bly altyd by die leser hang omdat dit onverbeterlik gestel is.

Nie alleen in Stellenbosch nie, maar ook in die Kaap het hy 'n groot vriendekring gehad, waar die geleentheid om die spotlus bot te vier, hom telkens voordoën. Op besoek by Oom HUSING het hy die skepe in die Baai bekyk, waar die ex-Vaandrig vriendjies genoeg aangetref het. Saam het hul dan na die huis van 'n vryburger gegaan. Op dieselfde skertsende toon, in 'n styl wat aan die van die skryfsters van *Sara Burgerhart* herinner in die geestigheid, lenigheid en idiomatiese uitdrukkinge daarvan, teken hy sy Kaapse kennis, veral die sieketrooster LUSSING. WOLFF en DEKEN het uit die volksmond opgeteken, by hom wel dit uit die hart self op, as hy LUSSING 'n „krankebedroever die vol zoeten wijns was" noem, en meen, dat 'n ander kennis, „wacker bezig met de wijnroemer om te laten" „voor een broeder van de natte gemeente mag worden te boek geslagen." ²⁾

Vir die kerk het TAS nog enige eerbied, haar dienare, wat hul pligte volgens hom versuim, prikkel sy vernuiftige gees tot allerlei fonkelende, geestige byname. MAHIEU en LUSSING heet „krankebedroevers", ds. BECK, „pater Bek, den preekmaker" of gewoon „de preekmaker", of „de paap," en as hy hoor, dat die ouderling DE GREEVENBROECK die eerste Kersnag (1705) op 'n paar kussings in die kerk deurgebring het, bestempel hy dit as „grootte vroomheid en godsdienstigheid van den ouden LUBBERT; so men het niet liever eygenzinnigheid mag noemen".

Van die dienaars van die kerk is dikwels gesê, dat hul nie vrede nie, maar dieswaard bring. Gepas is daarom TAS sebeeldspraak aan

¹⁾ FOUCHÉ: *Dagboek* p. 40.

²⁾ *Dagboek* p. 10.

die oorlogvoer ontleen, as hy met 'n enkele trek die twee dienare vlak voor ons laat staan op hul rondgang om die gemeente tot die nagmaal uit te nooi. Dit was 'n paar dae voor Kersfees; „Vroeg in den morgenstond is Mr. GREEVENBROEK al in de wapenen geweest, om met den preeker BEK om te ryden. Hy was ten vijf uren al gelaarst en gespoort, dog die niet en quam was BEK, ondertusschen heeft GREEVENBROEK den geheelen voormiddag met zyn zwaard op zyde gegord, voor onze deur zitten, schilderen, zynde zijn paard gezadeld en getoomd aan een paal vast gebonden. Nadat we nu't middagmaal hadden gehouden, is GREEVENBROEK te paard gesteege en na den preeker gereeden, dat is een braaf ouderling die past op zyn predikant als een hond die schut genaamt word; 't is geen wonder dat de paap sulken ouderling pryst, hoewel hy er seer wijgig agting voor overig heeft, men vertelt mij dat GREEVENBROEK onverrigter zaaken met zyn paard is terug gekeert, zoodat hy mag reekenen deesen dag op verlooren schildwagt te hebben gestaan, nu heeft de paap met hem afgesprooken om morgen te rijden, zo GREVENBR: de paap nu in orde betalen wilde, moest hy sig morgen schuyt houden, ik ken er meer als een die de Coek op dusdanige wyse zoude bakken alleen maar om die van zig zelfs hooggevoelende Tempeliers, zulke kneepen te verleenen.”¹⁾ Dit is 'n penskets van die eerste rang, wat die „skilderye” van DE GREVENBROECK en die Latynse verse van die „hooggevoelende Tempeliers” diep in die skaduwee stel. Die beeld van op-skildwagstaen word dwarsdeur volgehou — ook die volgende dag is GREEVENBROEK nie minder as drie uur voor die „paap” eindelijk opgedaag, al op sy pos „gelaarst en gespoort”.

Dieselfde sin vir die komiese in sy tekening van die werklikheid, blyk uit 'n beskrywing van die eerste „kerkegeraasvergadering”, wat TAS as nuwe diaken bywoon.²⁾ Hoewel daar meer as twee eeue tussen lê, lyk die siening in sy volle realiteit op die van die skrywer van *Die Burgemeester van Slaplaagte* in die se tekening van 'n Afrikaanse skoolraads-

¹⁾ *Dagboek* in dato 22 Dec., p. 80.

²⁾ *Dagboek* in dato 18 Jan. 1706.

vergadering op 'n afgeleë dorpie. Plegtig word die vergadering geopen deur die predikant, die rekeninge nagekyk en dan word 'n begin gemaak met die behandeling van 'n bepaalde saak. TAS verklaar kortaf, „dattet myn bedunkens een schurfde zaak was” en dat hy van mening was, „datse al lang aan een roestige spyker was opgehangen geweest”. In teenstelling met die kortafheid is die langdradige getuienis van MAHIEU, die sieketrooster, „die op een hoogdroewige wys zeer veelsprekend of talmagtig begon te kallen, zodaanig dat ik van hem aan te hooren begon te zweeten”. Dan word daar heen en weer oor allerlei niksbeduidende sake gepraat, wat met die onderwerp niks te maak het nie, totdat die „paap” besluit, om alle lede afsonderlik hul gevoelens af te vra. DE GREVENBROECK hou 'n lang toespraak waarmee almal instem, sonder om te luister; die Landdros STARRENBURG het weinig te sê, maar onder die diskussie gryp hy 'n stuk papier en 'n potlood en skrywe „een wyl so hard as hy konde”; MULDER „gaf de paap braave steeken”, en dit alles sonder dat daar tot 'n definitiewe besluit oorgegaan word. Na afloop drink almal 'n „roemer” wyn (op die 13de, 'n paar dae voor die vergadering het „de preeker BEK 8 flessen wyn in een Caaba laten haalen” van die voorraad van TAS); klompies-klompies, praat-praat stap die lede huistoe.

Tot dusver was sy toon hoogstens sarkasties oor die „spikspelder nieuwen land-drost STARRENBURG” en sy „ge-weesene provisioneel grootsche landdrostinne”, oor die „kranke-bedroever” MAHIEU wat sy huis gebou het „op zodanige langwerpige wijze getimmerd, als de man die 't laat timmeren, in al zijn zaaken tot spreken in cluys Langwerpig is”, ¹⁾ oor DE GREVENBROECK „den ouden Lubbert” wat op 'n harde kerkbank slaap en sy predikant soos 'n hondjie agterna loop maar as hy dit oor die Kaapse predikant PETRUS KALDEN of die goewerneur WILLEM ADRIAAN het, dan styg sy skerts tot gloeiende verontwaardiging. Soos ons praat van KAREL DIE GROOTE of WILLEM DIE SWYGER, praat TAS van „paap CALDEN, den gevynsden Tempelier” en WILLEM

¹⁾ *Dagboek* p. 88.

ADRIAAN heet „Turk en Schurk”, ’n allitererende sinspeling op die Singalese afkoms van vaderkant van die goewerneur.¹⁾ Op die stort hy al die fiole van sy toorn uit en as hy oor die se verdrukking van die boere uitvaar, kom sy styl tot ’n uitbarsting, waarin die alliterasie, die ritmiese bewoënheid aan skeldprosa van ’n veel later tydperk herinner: „Die vervloekte Tijran heeft de Ingeseetenen zederd eenige jaaren op een ongehoorde manier gedrukt en geplukt, datze byna baloorig zijn geworden, nu soekt die onbeschaamde schandbrok de schuld van zijn hals af te schuijven en mannen van eeren op dusdanigen manier een smette aan te wryven”. Bybelsdramaties, uit die hart gepeers, volg die versugting: „O Tyden! o zeden! dog de regtvaardige God mag men hoopen zal ’t quaad eens op des bozen kop doen nederdaalen, en niet toelaten dat de Vroomen langer onderdrukt worden.”²⁾ Hij spreek die vrome wens uit, wat sterk aan die van die vloekprofete onder die kindere Israels in die Ou-Testament laat dink, dat „de goede God den Tijran en onderdrukker der gemeente, met alle die hem aanhangen, in ’t kort dit Land doen ruijmen, en ’t bedreeven quaad op sijn vervloekte kop doen komen”. Want dan eers sal die ingesetene „’t hoofd met vreugde eens mogen opsteeken”.³⁾ Die heftigheid, die kritiese gees van die skrywer, die satiriese toon van die Dagboek is almal kenmerkend van die agtiende eeuer wat hom hoe langer hoe meer loswikkel van die bande van gesag, hetsy op kerklike of op maatskaplike gebied of op albei.

TAS se versugting is verhoor geword; die amptenare ’is geskors en teruggeroep. In die *Korte-Deductie*, waarskynlik van die hand van WILLEM ADRIAAN self, is die beskuldiging weêrlê waarop TAS, „de bekwaamste ter penne”⁴⁾ onder die Boere ’n *Contra-Deductie* opgestel het (1712). Die *Contra-Deductie* bevat alle besonderhede oor die klagte van die vryburgers; tot in die kleinste puntjies word die met doku-

¹⁾ Die moeder van SIMON VAN DER STEL, MONICA DA COSTA was ’n Singalese, „een zwartinne” soos TAS haar noem in die *Contra-Deductie*.

²⁾ *Dagboek* p. 90.

³⁾ *Dagboek* p. 128.

⁴⁾ A. BOGAERT: *Hist. Reizen*, p. 494.

mente en bewysstukke gestaaf, wat die boek van die grootste belang vir die geskiedskrywer maak, „but a drearier volume to wade through unless one is making the history of the time a special study, can hardly be imagined”.¹⁾ Tog kom daar af en toe weer geestige vondse in voor, raak opmerkinge, waaruit ons dit as die pennevrug van TAS herken. WILLEM ADRIAAN word „een oosterse Potentaat” genoem, ’n uitdrukking, wat sy afkoms van gemengde bloed, sy praalsug op „Vergelegen” aan die dag gelê, sy heerssug as goewerneur dadelik vertolk. Die boere word in die „akelige gat”, „’t donker gewulf” of „’t ergste gat, alwaar nooit iemand ongeschavoteert is uitgekomen”, in die kasteel gegooi, en van die feit, dat WILLEM ADRIAAN ook die Fiskaal Independent (so genoem omdat sy amp juis ingestel was om kontrole op die amptenare uit te oefen) in sy mag gekry het, sê die Contra-Deductie in statige verheuenheid van styl: „Dit is in die waarheid de fontein van al onze rampen geweest.”

In 1711 by die verskyning van die Contra-Deductie het die boerevriend, ABRAHAM BOGAERT, volgens agtiende eeuse mode, ’n inleidende vers vir hul boek geskrywe nl. *Op de Contra-deductie der Kaapsche Voortplantelingen, uitgegeven door Jakob van der Heiden, en Adam Tas.*²⁾ Dit weerspieël die tradisionele opvatting oor die karakter en die geskrifte van die betrokke persone; die *Deductie* heet „Een valsch geschrift, verminkt in al zijn deelen”, die *Klachtschrift* en die *Contra-deductie* „tintelen aan ’s hemels gulde zaal met eenen gloet, die nimmer zal verdwijnen”. WILLEM ADRIAAN „braakt zyn gal een Vryman in ’t gezicht, Waar van het schuim zijn Meesters vliegt in d’oogen”.

Daar teenoor staan TAS en VAN DER HEIDEN, „Twee mannen die den kelk van wrangheit dronken”, en hul broers, die Kaapse boere, „waar aan men ook den drukwyn had geschonken”.

Na sy vrylating uit die „donker gat” waar ons skrywer pen, ink en papier geweier is, dertien maande en sewentien dae lank tot die uitslag van Here XVII kom dat die boere gehandhaaf word, het TAS op sy plaas „Libertas” tot sy dood in 1722 geboer. Volgens oorlewering was dit ’n geestigheidjie,

¹⁾ Volgens THEAL, Notes on Books.

²⁾ In *Gedichten* (1723) herdruk.

tipies van ons dagboekskrywer, om sy plaas met daardie naam te verdoop. Teen die end van sy lewe was hy een van die Heemraadslede vir Stellenbosch en Drakenstein en by die jaarlikse opname van die besittinge van die koloniste een van die gekommitteerdes vir die Kompanjie. Herhaalde male het hy om sy Dagboek en geskifte gevra, maar tot dusver is die vraag nog onbeantwoord of VAN DER STEL by sy vertrek van TAS se geskifte meegeneem het en of die Kommissie, aangestel deur die Politieke Raad in 1710, die Dagboek saam met ander „quaataardige geskriften” uit die lessenaar vernietig het. Al moet die handskrif as verniel of verloor beskou word uit die fragmentariese kopieë en offisiële stukke van die bekwaamste ter penne”, konkludeer ’n later kritikus tereg: „Zijn pennevruchten, het Klachtschrift, de Contra-Deductie, het Dagregister, met vele nog onuitgegeven stukken, waarvan enige, zoals het tweede klachtschrift, zeer interessant zijn, vormen een literariese nalatenschap, die hem de eereplaats geeft onder de Z. Afrikaanse schrijvers van vroegere tijden. Het Dagboek, alleen als letterkundige produkt beschouwd, kan heel goed met de meest gevierde werken van dat slag uit zijn Tijd een vergelijking doorstaan. TAS beskikt over een lenige, natuurlike stijl, die hij naar willekeur kan smeden, die al zijn gemoedsaandoeningen, van luimige scherts tot gloeiende toorn, even gemakkelijk vertolkt.”¹⁾

Maar TAS was uit ’n ander stand, het ’n ander opvoeding as sy teenstanders gehad wie se val hy help bewerk het tot die redding van die Boere op daardie tydstip maar uiteindelik tot skade van die Dietse kultuur in Suid-Afrika.²⁾ Die fout

¹⁾ FOUCHÉ: *Inleiding* p. XLIV.

²⁾ Die hele rusie tussen THEAL en FOUCHÉ aan die een kant en LEIBBRANDT, Mrs. TROTTER, COLVIN en EDGAR aan die ander oor die karakter van WILLEM ADRIAAN het ek weer sorgvuldig nagegaan. Hier wil ek slegs byvoeg dat die opvatting van DOROTHEA FAIRBRIDGE in *Historic Farms of South Africa*, Oxford Univ. Press, 1931 p. 128, as sou die houding van eersgenoemde groep bepaal word deur „a Society in Holland”, wat Afrikaners ondersteun en nie die Hollandse foute agteraf wil beken nie.... iets wat Engeland altyd van die dakke af verkondigl.... benede alle kritiek is as antwoord op wetenskaplike argumente in duplikaat vorm nogal.

van die hoër kringe in watter land ter wêreld ook al, is altyd dat hul op die minderbevoorregtes neersien, hul verdruk en vertrap. Die opsteller van die *Korte-Deductie*, 'n boek „waarin deszelfs opsteller veeleer de snater van een viswyf, dan de pen van een zedig weerlegger gebruikt” volgens die oudste resensent, en „scheldt op zijn tegenstanders in een weergaloos grove taal” volgens een van die jongste kritisie,¹⁾ beskou sy ondergeskiktes op een voet met sy swyne op „Vergelegen”. En as die eenmaal die hef in hande het, loop die tradisie, die geestesgoedere, die groot houvaste van 'n volk, die grootste gevaar van vermindering en eventuele ondergang as die gevare van buite te dreigend word. Beter as TAS self, kon die manne met wie hy die draak steek soos DE GREVENBROEK en PETRUS KALDEN daardie geestesgoedere gehandhaaf het omdat die waardering daarvan, die studie, dieper by hul gesit het al kon hul hom nie in die uiterlikhede van styl en kernagtige ekspressie ewenaar nie. GREVENBROECK was toe reeds etlike jare vryburger en verstandig genoeg om hom afsydig van die rusies te hou; KALDEN was daarin betrokke en het daarin ondergaan tot skade van die nageslag.

3. J. G. DE GREVENBROECK, SEKRETARIS, KUNSTENAAR EN LATINIS.

JOHANNES GULIELMUS DE GREVENBROEK is omstreeks die jaar 1644 gebore.²⁾ Die voorreg van die gefortuneerde manne van die Renaissance en die ideaal van alle sewentiende eeuse kunstenaars om 'n reis na Italië te maak, het hom in 1673

¹⁾ ABRAHAM BOGAERT en Prof. LEO FOUCHE respektiwelik.

²⁾ Lewensbesonderhede ontleen aan *The Early Cape Hottentots* described in the writings of OLFERT DAPPER (1668), WILLEM TEN RYNE (1686) and JOHANNES GULIELMUS DE GREVENBROEK (1686) by SCHAPERA and FRRINGTON. Publikasie van die Van Riebeeck Society, Kaapstad 1933, p. 161—167.

Ook een en ander aan GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Zuid-Afrika IV* (1932), wat 'n herdruk bevat van die Hollandse vertaling van die *Descriptio Epistolaris* deur Dr. J. W. G. VAN OORDT in die *Ned. Z.A. Tijdschrift*, Jan.-Feb. 1886, en *Reizen III*, p. 55, 59, 68, 87, 97, 123, 166, 171.

te beurt geval en hy was self tot in Madrid. Hy was soos P. C. HOOFD vir die handel bestem, was as klerk werksaam in die Rotterdamse Kamer van die Kompanjie, maar die opbloeï van kuns en lettere in die land waar die Renaissance haar vroegste verskyning gemaak het, het nie by hom onopgemerk verbygegaan nie. Na die verste Suidhoek het hy die liefde vir die skoonheid, vir die skilderkuns en vir die klassieke meegebring toe hy in 1684 in die Kaap aankom en tot Sekretaris van die Politieke Raad benoem word. Kort daarop is hy met die Kommissaris RYKLOF VAN GOENS na Indië. Ons wêreldreisiger het eers in 1686 sy dienspligte weer opgeneem en in sy pragtige handskrif die Kaapse offisiële geskifte opgestel tot 1694, wanneer hy op eie versoek ontslag kry en hom as vryburger op Stellenbosch gaan vestig. Daar was hy saam met TAS in die kerkdiens, het die hom bespot om sy vroomheid en terloops van sy skilderstalent melding gemaak maar tog nie al te heftig teen hom te keer gegaan nie, waaruit ons moet opmaak dat hy soos die sewentiende eeuse wêreldburger hom buite die politieke rusies gehou het. TAS het sy klagbrief by al sy vriende rondgebring vir hul handtekening, hul 'n „predicatie voorgelees, daarse alle amen op seiden” maar die naam van DE GREVENBROECK kom nie op die *Klachtschrift* voor nie. Dit was bekend dat DE GREVENBROECK 'n Latynse studie oor die Hottentotte geskrywe en ook 'n Latyn-Hottentot-Hollandse woordelys opgestel het waarvan PETER KOLB in sy *Caput Bonae Spei Hodierum*¹⁾ (1719) en FRANÇOIS VALENTIJN in sy *Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoop*²⁾ (1726) 'n dankbare gebruik gemaak het. Maar KOLB was verre van erkentlik genoeg vir wat hy aan GREVENBROECK te danke gehad het. Die abbé DE LA CAILLE wat van 1751 tot 1753 aan die Kaap was, het hom hieroor betig in sy *Journal historique du Voyage fait au Cap de Bonne-Espérance*,³⁾ en verklaar dat hy uit die mond van niemand minder as van VAN DESSIN, die verwoede versamelaar,

¹⁾ KOLB: *Caput Bonae Spei Hodierum* Nürnberg, 1719, p. 416.

²⁾ VALENTIJN: *Beschrijvinge*, Amst. 1726, p. 106—8.

³⁾ 1763, Paris 1776, pp. 156—57, 322.

self, gehoor het dat die papiere van die geleerde GREVENBROECK in hande van KOLB geval het wat hom klakkeloos gaan oorskrywe het. Dieselfde verhaal word deur OTTO FREDRIK MENTZEL wat agt jaar aan die Kaap was, van 1732—1740, in sy *Vollständige Beschreibung des Vorgebirges der Guten Hoffnung* vertel. ¹⁾ Ook hy pak uit teen die plagiaat van KOLB, die sterrekundige wat meer in die wynfles gekyk het dan na die sterre en die geluk getref het om die aantekeninge van 'n wetenskaplike man in hande te kry om hom daarmee voor die oog van die hele wêreld te rehabiliteer, al het hy lelik omgespring in sy behandeling van die geleende materiaal. DE GREVENBROECK self in die *Descriptio Epistolaris* ²⁾ (1695) laat heelwat te wense oor wat indeling en die metode van behandeling van sy stof betref, sy Latyn is boekagtig, die konstruksie van sy sinne ingewikkeld en dikwels duister, sy voorliefde vir sinonieme verbysterend. Maar dat hy 'n man van groot geleerdheid was, die Renaissansis wat sy VIRGILIUS, HORATIUS, LUCRETIUS, PLAUTUS, CATO, PLINIUS en VARRO op sy tien vingers geken het, ly geen twyfel nie. Internasionaal is hy in sy belangstelling vir die Hottentotte en die taalmedium wat hy gebruik, nasionaal in sy liefde vir die Kaap. Die Renaissance het die loswikkeling van die persoonlikheid uit die massa, die vryheid van denke gebring, en DE GREVENBROECK was 'n persoonlikheid, iemand wat nagedink en iets gehad het om te sê.

Kultuurhistories is die werk van die grootste betekenis vir die lig wat dit werp op die Kaapse gemeenskap teen die end van die 17de eeu. Die titel van die brief — *elegans et accurata Gentis Africanae circa Promontorium capitis Bonae Spei vulgo Hottentotten nuncupatae* — is misleidend, daar ons behalwe die verhandeling oor die Hottentotte deurgaans te doen het met 'n aanval op die koloniste wat misbruik maak van hul heer-

¹⁾ GLOGAU, 1785. Uit die Hoogduits vertaal deur H. J. MANDLEBROTE: *A Geographical and Topographical Description of the Cape of Good Hope*, Dl. I p. 19, Cape Town 1921.

²⁾ Die volledige titel lui: *N. N. Groevenbroeckii elegans et accurata Gentis Africanae circa Promontorium Capitis Bonae Spei vulgo Hottentotten nuncupatae Descriptio Epistolaris Anno MCCLXXXV.*

sende posisie oor die Hottentotte —, 'n uitvoerige verhaal kry van die lotgevalle van die jong GUILLAUME CHENUT en die stranding van die „Stavenisse” (1686), soos vertel deur die paar oorgeblewene wat by die Kasteel aangestrompel gekom het en hul verslag by hom as sekretaris afgestamel het,¹⁾ en ten slotte 'n verheerliking van die skoonheid en die vrugbaarheid van die Kaap. Hy maak 'n uitsondering van manne van opvoeding en geleerdheid soos VAN REEDE, VAN GOENS, VAN BEVEREN, VAN RHEE, HEINZ en PAETS maar gaan so ver om te sê dat hy in een dag in Europa meer bewyse van godsvrug en eerlikheid en deug gesien het dan in al die jare in Suid-Afrika.²⁾ Met die „kleine lui” soos die stakkers van die Stavenisse, het hy die grootste meely, vir die voo.uitstrewende, naartige boer 'n diep bewondering³⁾ en op die klimaat, die berge en die blomme sing hy 'n ware lofsang.⁴⁾

As hy digterlik ontroer is deur die natuurskoon van sy aangenome vaderland, druk hy dit op sewentiende eeuse manier uit, wat vir ons ore op oordrywing klink, maar as hy in sy eie taal die rampe van sy landgenote opteken en die tot 'n samenhangende geheel smee soos in die *Relaas van Adriaan Jansz. Kind van Maaslandssluyt geweest Bootsman op de gestrande fluyt Stavenesse*, (1687), is alle onnatuurlikheid verdwyn en lees die offisiële geskrif soos 'n meeslepende roman. Die Dagregister is in die loop van die jare dikwels slordig gehou, maar toe hy daarvoor verantwoordelik was, is daar breedvoerige

¹⁾ Vgl. „Relaas van ADRIAAN JANSZ. Kind van Maaslandssluyt geweest Bootsman op de gestrande fluyt Stavenesse, mitsgaders JAN PIETERSZ. VAN SLUIJS geweest jonge van den Opper-Stuurman, en ISAK JANSZ. van Amsterdam, matroos. Alle bescheyden in dienst der E. Comp. op de voorsz. fluyt.” GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* III, p. 59—68. Ook „Dagregister gehouden int vaartuyg de Centarus, zellende van de Caab na 't land van terra de Natal, (1687).” GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* III p. 68 en vlgg. Op bls. 87, 88, 89 druk die uitgawer in 'n noot die stuk oor GUILLAUME CHENUT uit die *Descriptio Epistolaris* af uit die vertaling van Dr. v. OORDT.

²⁾ p. 284 van die teks.

³⁾ p. 278 van die teks.

⁴⁾ p. 276. Die vertaling van Dr. v. OORDT (GODEE-MOLSBERGEN, *Reizen* IV, p. 285).

verslae gemaak van die belangrikste voorvalle, die stof so boeiend meegedeel dat die leser soms die illusie kry dat die sekretaris 'n bietjie by fantaseer. Vreeslik is die verhale van skipbreuk en ellende op see en land van die paar oorgeblewenes wat byna drie jaar lang in die wildernis omgeswerwe het voor DE GREVENBROECK die verhaal van die skipper, WILLEM KNIJF, op die Kasteel kon opsteken.¹⁾ Dan skryf hy gemaklik, vlot, onderhoudend; hy leef hom heeltemal in die avonture van die skipbreukelinge in, en gloei van trots op die prestasies van sy landgenote wat die „ongestadige golven van fortuyn en see” getrotseer het in 'n eie gemaakte boot. Met liefdevolle noukeurigheid vermeld hy dat hul 'n saag gemaak het „uyt de beugel van een luyk”, dat 'n gedeelte van die skag hul tot aambeeld gedien het en dat hul van die res spykers en boute gemaak het. Sonder kaart of kompas het die vernuftige seevaarders ingeskeep op die Natalse kus na dit hulle presies 'n jaar geneem het om die vaartuigie inmekaar te timmer en seil binne veertien dae, op 1 Maart 1687, Tafelbaai binne — niks minder as 'n wonder in die oë van die Sekretaris sowel as van iedereen wat bekend is met die Suidoos-kus. Dit lê voor die hand dat die skrywer van die *Descriptio Epistolaris* die meeste vrae gestel het oor die inboorlinge wat beskrywe word as „minsaem, meewaardig, starck en vernuftigh”, en in besit van waarsêers wat „haar ook vermeetten goed en kwaad, weeder, wind, regen, hagel, donder en sonne te konnen maken”. Nog meer het ADRIAAN JANSZ. KIND wat met ses-en-veertig man die reis oor land onderneem het en drie jaar later met 'n paar oorgeblewenes deur die galjoot „De Noord” opgetel is, hom te vertel gehad. In die gewone manier van doen hou die joernaalhouer onder elke datum die daaglikse loop van sake by, wat dikwels storend werk, daar die leser self die oortollige mededelings moet uitskakel, en hy so gevaar loop, om die vernaamste punte in die massa onbelangrike details uit die oog te verloor. Maar die opgetekende relaas is self ongepagineer en maak die indruk van 'n verhaal in een lang deurlopende paragraaf saamgepers. Ons lees met gespanne

¹⁾ GODÉE-MOLSBERGEN: *Reizen* III, p. 50—59.

aandag hoe die geselskap van ADRIAAN KIND uitgedun word — 'n paar verdrink in die riviere, 'n paar bly uitgeput langs die weg agter, nog 'n paar laat hul lewe of 'n liggamsdeel in 'n handgeveg met die inboorlinge, tot hul by 'n vriendlike stam, die Magoose, uitkom. Meer dan 'n jaar later, 21 Maart 1687, waag vier-en-twintig van hul dit weer verder en word van „sak en pak en al haar levensmiddelen beroofd”. Dit genoodsaak hul, om „by haar oude baasen wederom in te keeren”, wat die ramp voorspel het en tog weer die waaghalse opnuut minsaam onthaal. Nou buk hul vir die noodlot, lê hul daarby neer om hul lewe onder die Kaffers te eindig, „en sloeg ieder de hand an de ploeg”.

Op Nuwejaarsdag 1688, wanneer iedereen in Holland en aan die Kaap feestelik die nuwe jaar begroet, word dit ADRIAAN JANSZ. KIND en JAN PIETERSZ. te magtig, en die twee gaan terug na die skipper en die stuurlui, wat by die wrak agtergebly het. Groot was hul teleurstelling, om na 'n sewentien-daagse trek van vermoeienis en ontbering, in die Baai van Natal te verneem, dat die skipper al „voor jaar en dag” met 'n eie getimmerde boot weggevaar het. Dan maar weer terug, om die maats by die Magoose te haal, om ook so'n plan ten uitvoer te bring. So swerf hul op en af langs die kus, tot „De Noord” eindelijk op 4 Januarie 1689 'n paar van hul bespied en enige half-verwilderde manne in beestevelle gehul, na die Kaap vervoer.

Wat DE GREVENBROECK die meeste geïnteresseer het in die „Relaas” van KIND, daaraan wy hy natuurlik die meeste aandag, nl. die sedes en gewoontes van die vreemde inlandse volke, met wie die skipbreukelinge op hul swerftogte in aanraking gekom het. Die wreedheid van die townaars en waarsêers prikkel des te meer sy verbeelding, daar hy in skerp kontras daarmee voel die sterk geneetheid wat die inboorlingouers vir hul kinders koester, „also sy haar kinderen of iemand van de hare om geen ding ter wereld soude willen afstaan”. Onderling leef hul vriendskappelik, groet by die minste ontmoeting, verneem na die gesondheid en „ofse geen nïeuwe dansen of liedjes geleerd hebben”, teken die kunsliefhebber met genoeë op, en kom later in sy *Descriptio* weer op die

musiek-instrumente en die musikante onder die inboorlinge terug.¹⁾

DE GREVENBROECK is self nooit getroud gewees nie — daar is ten minste 'geen verwysing na kind of kraai nie, en in sy testament is sy nalatenskap aan kennisse en vriende in Holland en aan die Kaap bemaak. Daarom doen hierdie verwyling by die intieme huislike lewe van die Ama-Xhosa enigszins aandoenlik aan. Sy drukke werkkring het hom in die geleentheid gestel om sowel eerstehandse kennis van die inboorlinge te neem as die eerste te wees wat die eenvoudige, dikwels verwarde land- en seejoernale deurlees, korrigeer vir opsending na Here XVII en daaruit aantekeninge vir sy eie gebruik maak. Aan die skipbreukelinge van die „Stavenisse” en diegene wat uitgestuur was met „De Noord” om hul te soek of die ondersoek van die Ooskus voortgesit het, het hy baie te danke. In die dagregister van „De Noord”: „*Voyage gedaan in den jaare 1688 den 19 October met het galjoot de Noord bestaande in 19 personen en gedistineerd om te gaan van de Bhaij de la Goa leggende op de Z.Br.van 2. Br. van 26 gr.*”²⁾ tree die reus Monte Calaco, „3voeten langer” dan 'n volwassen man en met „een soo vervaarlyk gesigt dat men er wel voor geloopen souden hebben”, op die voorgrond, tot die onsekere vermaak van die ondersoekers. Monte Calaco lê siek aan die koors. Sy heelmesters het sy hele lyf „overal doorsneden en gekurven als een visch”. In sy bygeloof dring hy aan, dat die reisigers sy pols moet aanraak, en as hy later herstel, skryf hy dit uitsluitend aan die aanraking toe. Nou word hul getraakteer op wilde vrugte en groente, „waterlemoenen, pompoenen, ananassen en pattatos die seer goed zyn” maar hul teleurstelling sou toe eers begin. Van alle Suid-Afrikaanse skeepsjoernale bevat hierdie een die meeste geestigheid en lewensblyheid en is die idiomatiese uitdrukkinge in al hul kernagtige eenvoud 'n lus in vergelyking met die ingewikkelde Latynse spreuke in die *Descriptio*. Ons lag oor hul teenspoed omdat die nie onoorkomelik geblyk het nie. In die stortreent probeer die bemanning van „De Noord” hout kap om 'n vuurtjie te maak waarby hul hul klere kan droog en 'n ketel

¹⁾ *Descriptio* p. 212.

²⁾ GODÉE-MOLSBERGEN: *Reizen* III, p. 123 en vlg.

rys kook. Die swart vriendjies help ywerig mee met die gevolg dat die ketel skoonveld raak. Die diewe word agterna gesit maar die gestewelde en gespoorde sewentiende eeuër het geen kans op die Afrikaanse renbaan nie en is genoodsaak om die aand „droog broot met water 't geen ons niet ontbrak” te eet. Die volgende môre word daar ondersoek ingestel na die „geschaakte” ketel maar nou vind die opperhoof dit nouliks die moeite werd om met hul te praat, moet kwansuis 'n tolk hê en weet van niks. Dit is duidelik „dat onsen haring daar gantsch niet braaden” want dit was so goed asof hul „tegens den oven gaapten..... also het hier al dievje en dievjes maat was”, en hul moes onverrigtersake terugkeer. Heerlik spottend praat die joernaalhouer van „syn koninklyke majesteit, staande van syn koninklyke setel op, dat een groot bloq was 't geen in de eerste 30 jaren niet gekapt was” om hom teen die beskuldiging van diefstal te verdedig. As hul terug by die skuit kom, „viel de Koe op de regter zyde” — hul ontdek 'n stapel heuningkoeke, pak die op en smaak die genoeg om te sien hoe die besitter aangestorm kom maar „siende als dat het nesje geroofd was, soo sag hy soo vriendelyk als een oirwurm”. Die gesol met eie liggelowigheid, die opgewekte toon, die skoolseun-agtige manier van uitbetaling en bo alles die „volkstümliche” van die ekspressie maak die gedeelte oor MONTE CALICO 'n klein juweeltjie van humoristiese volksprosa wat gunstig afsteek by die geleerde, dikwels hoogdrawende Latynse prosa van die Descriptio.

Baie selde het DE GREVENBROECK dergelike opgewekte vertellinge onder oë gehad of uit die mond van die swerwers opgeteken; gewoonlik grens die verhale aan tragedie.

In die begin van 1689 het „De Noord” op weg van baai Natal vergaan. Die tragiese *Verhaal van Theunis Gerbrandtszn van der Schelling geweesen stuurman op 't gestrande galjot de Noord. Nopende desselfs jongste togt en hoe 't is komen te verongelukken* is o.a. op die Sekretarie genoteer en deur DE GREVENBROECK in sy pragtige, duidelike, artistieke skrif onderteken. ¹⁾ Weer was die skipbreukelinge aan die genade

¹⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* III, p. 166 en vlgg.

van die swartes oorgelaat, mishandel, beroof, „moedernaakt uytgeschud” in die woorde van die amanuensis. Een na ’n ander het hul kragteloos langs die weg bly lê totdat net twee oorgebly het. Die ontmoet twee landgenote van die „Stavenisse” in dieselfde benarde omstandighede, „heel en dal uytgeteerd en door de Houteniquas tot op ’t hemd toe uytgeschud” en 27 Maart 1690 kom die vier lewende lyke die Kasteel binneval en word ’n nuwe bron van informasie vir die etnografiese autoriteit aan die Kaap.

Vier jaar later het hy hom teruggetrek uit die diens van die Kompanjie om hom op die landbou toe te lê en die verwerking van sy aantekeninge en indrukke oor die Afrikaanse stamme rustig uit te werk in die Latynse taal. So lank soos hy in diens van die Kompanjie was het hy die saak net so getrou gedien soos hy later as ouderling die Stellenbosse predikant bygestaan het.

Toe die troebele onder WILLEM ADRIAAN hul hoogtepunt bereik het, was die sestigjarige ’n welaf boer en verstandig genoeg om hom nie op sy ou dag in die ongeluk te stort nie deur al te uitgesproke kant te gaan kies. Wat ontwikkeling en beskawing betref, het hy tot die kring van die Goewerneur behoort, maar die idealis, die man „with a turn for letters” kon hom moeilik met enige raap- en skraapmetode vereenselvig. Hy het homself graag ’n vriend van die Muse, ’n boekevriend, ’n student genoem en ’n vyand van die rumoerige gedrang van die massa, van die beslommernis van die daaglikse sleur, ’n liefhebber van stilte en vrede. Hy was moeg gereis en in die land wat hy as sy tweede vaderland aangeneem het, het hy geluk en rus gevind en gesmeek dat by sy dood hierdie stukkie aarde nie al te swaar op sy beendere mag weeg nie.¹⁾ In sy sewentigste jaar, 1714, het hy sy testament gemaak en as grafskrif die eenvoudige woorde uitgekies: „Hic exspectat resurrectionem J. C. de Grevenbroek C. F.”. Sy sterfjaar en sy graf wat op versoek nie in ’n kerk of ’n kerkhof, maar by die huis waar hy sterf, moes wees, is nie bekend nie maar in sy werk het hy ’n blywende monument nagelaat vir ’n nageslag

¹⁾ *Descriptio* p. 296.

wat die klassieke skandelik gaan verwaarloos het. Net soos die taal van die skeepsdokter WILHELM TEN RHYNE in sy *Schediasma de Promontorio Bonae Spei*¹⁾ (1686) wat in 1673 sowat 'n maand aan die Kaap vertoef het, is die van DE GREVENBROECK tipies van die sewentiende eeuse klassisie in die ingewikkelde konstruksie van die sinne, die bombastiese manier waarop die eenvoudigste meedeling soms gemaak word, die nafewe woordelike navolging van die klassieke welsprekendheid. Maar wie hom in ons Hollandse verlede weer wil terugvind moet hom die moeite getroos en sy beloning sal groot wees.

DE GREVENBROECK is die grootste en onderhoudenste Kaapse Latinis gewees, hoog ontwikkelde, kunssinnige renaissansis.

4. PETRUS KALDEN, 'N BANNELING-LERAAR, MAN VAN ONTWIKKELING EN BESKAWING.

Ook die Kaapse predikant PETRUS KALDEN was man van sy tyd in sy liefde vir die Latynse taal as medium van ekspressie.

Dit is ds. FRANÇOIS VALENTYN in sy *Oud en Nieuw Oost Indien* (1726), dieselfde reisiger wat van die krankebesoeker KOOPMAN (— ADAM TAS sou gesê het „krankebedroever” —) vertel het dat hy „sterk koopmanschape en naderhand uit nederigheid een rok met gouden knopen droeg”, wat ons oor PETRUS KALDEN inlig. Die tradisie en ons geskiedskrywers wil dat hierdie geestigheid van VALENTYN ook toepaslik was op sy veel ouer kollega KALDEN wat hy op dié se plaas Zandvliet in die Stellenbosch-distrik in 1705 'n besoek gebring het. Hy het daar glad anders oor gedink. Daar het hy verbaas gestaan oor die pragtige boerdery, maar wat hom tot nog groter verbasing gestem het, was die Hottentot deur KALDEN so goed in die Bybel onderrig dat hy in 'n teologiese dispuut sy man kon staan. Die leermeester het die beskermeling na Holland geneem toe hy in 1708 teruggeroep is, hom daar te Vianen in 1709

¹⁾ SCHAFFHAUSEN, 1686. Gerdruk met 'n Engelse vertaling deur B. FARRINGTON in die publikasies van die Van Riebeeck Society, *The Early Cape Hottentots*, 1933, p. 84 en vlgg.

laat doop met die naam FREDRIK ADOLF en niemand minder as „den Graave VAN DER LIP over hem als Gevader stont!” Maar in die bekeerling het die ou ADAM te diep gewortel en ons Hottentot-skrifgeleerde is in sy vaderland as verbannene op Robbeneiland oorlede.

Ook sy baas, PETRUS KALDEN, het sy dae as 'n soort van balling in Nederland en in Oos-Indië geslyt, want sy hart was aan die Kaap, op die plaas wat nou 'n bedevaartsplek, „Kramat”, vir die Kaapse Maleiers is. SHEIK JOZEF, 'n heilige Mohammedaanse banneling, lê begrawe in „Kramat” se sand — waar die oorspronklike eienaar van „Zandvliet” se laaste rusplaas is, is onbekend. In sy aangenome vaderland is dit nie.

PETRUS KALDEN, seun van LODEWYK KALDEN, gewese *schepen* te Wezel is gebore te Wezel. ¹⁾ Sy broer LODEWYK het Ontvanger van die State van Utrecht en burgemeester van die Vaart geword. Hy stam dus uit ongeveer dieselfde kring as die van die grandezza van die 17de eeuse literatuur, P. C. HOOFT, wie se vader *schepen*, lid van de vroedskap en meermal burgemeester van Amsterdam was. Van die vroegste tye het die regters wat op die volksvergaderinge verskyn, die naam van *schepenen* gedra. KAREL die GROOTE het die *scabini* of *schepenen* verplig om die vergaderinge by te woon en op die handhawing van die reg toe te sien, en onder LODEWYK die VROME is hul uit elke distrik deur die volk self gekies. Die regterlike instelling is later aanmerklik gewysig, maar die titel van *schepenen* het bly lewe en is toe gegee aan die regterlike besture van onafhanklike gemeentes. Die *schepenbanken* is eers teen die end van die 18de eeu in Frankryk en Nederland opgehef, en tot hede heet die wethouers van 'n gemeente in België *schepenen*. Die familie KALDEN was dus gewend om te regeer. PETRUS het predikant geword. En die

¹⁾ Lewensbesonderhede ontleen aan v. d. AA, *Biogr. Wdb.* VII, p. 2; MOLHUYSE en BLOK: *N. Biogr. Wbk.* III, K. 659—660 (art. GODÉE MOLSBERGEN); VAN TROOSTENBURG DE BRUYN: *Biogr. Wdb. O. I. Pred.* p. 227—228; *Biogr. Woordeboek van Prot. Godgeleerden*, Dl. IV. p. 642. Vgl. ook nog artikel in die *Jaarboek van die Ned. Gerej. Kerk in S.A.* 1933.

sewentiende-eeuse predikant wou met die een voet op die kansel en die ander op die stadhuis staan, en wie deur die Classis Amsterdam as evangeliedienaar in diens van die Oos-Indiese Kompanjie uitgestuur word, het boënop die rang van onderkoopman gehad. Wie dus bots met die Kompanjie, bots ook met hierdie dienare, die predikante. Dit is die eeu van die Geoktrooieerde Kompanjie, die stigting van die groot staatsman OLDENBARNEVELT aan wie Nederland soveel van haar politieke mag en koloniale ryk te danke het, die eeu van die Dordtse Sinode wat hom op die skavot gebring het, in 'n tydperk toe kerk en staat nie geskeie was nie en die kerkleraars geweet het om hul te ontworstel aan die wette van Prins WILLEM van 1576 waarin 'n volkome onderwerping van die kerk aan die staat neergelê is. In die lig van hierdie hoogs eienaardige sewentiende-eeuse vermenging van godsdien-sin, politieke hartstog en handelsgees moet ons PETRUS KALDEN en sy lotgevalle aan die Kaap beskou.

In 1695 kom die predikant-staatsman-koopman per „Nigtevegt” op 90 gulden per maand vir die Kamer Amsterdam na die Kaap waar hy behalwe gereelde dienste in die Kasteel waarneem, (want 'n kerkgebou was daar nog nie voor 1704 nie) viermaal per jaar die sakramente op Stellenbosch moes gaan uitdeel.

Die Caab, soos dit genoem is, (van die stad was daar nog geen sprake nie) was teen die end van die 17de eeu nog baie klein, maar 'n jaar na sy koms is darem 'n Burgerwag ingestel om snags wag te hou. Tussen die hoofstrate, Heerengracht en Keizersgracht, nou omgedoop in Adderley- en Darlingstraat respektiewelik, het 'n grag geloop en voor elke rietdak-huis 'n tuintjie gepryk. Stellenbosch was nog kleiner, maar enige jare al in besit van 'n eie kerkgebou. Toe die Franse daar gevestig was, word Drakenstein en Franshoek beskou as deel van die Stellenbosse gemeente en om die Franse tevrede te stel moes hul predikant, PIERRE SIMOND, beurtelings in die Stellenbosse kerk en in 'n huis van die Drakensteinse boere preek. Maar dit was 'n nie-te-benye taak om onder hierdie gemeente te arbei of oor hul te heers wat volgens die goewerneur, SIMON VAN DER STEL, se uitspraak van 1691 „de kinderen Israels

slagten, dewelke door Gods hand in de woestyne gespysd na de uije potten van Egipten verlangden". Die jaar voor die koms van KALDEN, verhuis PIERRE SIMOND na Drakenstein en daarom moes die Kaapse predikant weer viermaal per jaar die Stellenbosse gemeente besoek en op ander Sondae moes die sieketrooster maar weer sy preke voorlees.

Op voorwendsel dat hy sy psalmvertaling *Les Veillées africaines ou les Psaumes de David mis en vers français*¹⁾ in Nederland voor die sinode van die Waalse Kerke, 1703, wou gaan voorlê — KALDEN gee 'n ander uitleg aan die haastige vertrek van die Franse dominee — is PIERRE SIMOND terug; ds. HENRICUS BECK kom sy plek in die Drakenstein in 1702 inneem en ds. HERCULES VAN LOON word die eerste leraar op Stellenbosch.

Intussen het ds. KALDEN van die nuwe goewerneur WILLEM ADRIAAN 'n stuk land gekry na 'n vyfjarige Evangeliebediening, op Zandvliet 'n plaas aangelê en met koring en skape begin boer, wat hom jaarliks groot somme geld opgebring het, maar ook aanleiding gegee het tot die afguns van sy minderbevoorregte medekoloniste. Soos hy in sy verweerskrif later tereg antwoord, was hy nie die enigste sieleherder wat met werklike viervoetige skape te doen gehad het nie, want PIERRE SIMOND het twee plase gehad, HERCULES VAN LOON en HENRICUS BECK het land besit en ook in Holland, Gelderland en Overysel was dit nie strydig of 'n rede om misnoeë aan die burgers te veroorsaak, om tegelyk predikant en boer te wees nie. Hy had immers ook die rang van onderkoopman. Dat die Kerk hierdeur nie noodwendig gely het nie, is my vaste oortuiging. As KALDEN outokraties was, sy gemeente het 'n heerser en desnoods 'n diktator nodig gehad; dat hy sy dienspligte vir sy boerdery verwaarloos het, is lasterpraatjies. Ons sewentiende-eeuse voorouers aan die Kaap het ander begrippe gehad oor die manier waarop die Sabbat deurgebring word — op vaste ure 'n preek, 'n diens wanneer die kinders op gesette tye ten doop gehou kon word, katkesasie

¹⁾ Vgl. DEHÉLAN: *Le Cap de Bonne-Espérance au XVIIe Siècle* (Paris 1909).

vir die jongmense en daarna praat die Kaapse Dagregister van visvangs in die namiddag om in die daaglikse brood te voorsien.

In 'n tyd toe die kerk hom nog bitter weinig oor die toestand van die Hottentotte bekommer het, het KALDEN daar veel voor gevoel om ook aan hulle die Evangelie, en dit nogal in hul *eie* taal te bring. Hul sedes en gewoontes het hy deur en deur geken en in sy *Afgeperste Verweering* (1713)¹⁾ korrigeer hy allerlei foute in die reisverhaal van ABRAHAM BOGAERT, bv. as sou hulle koeie slag vir hul Godheid, of die maan aanbid, want die Hottentotte bring aan geen godheid enige offerhande nie. Dit is die Renaissance-man se belangstelling in taalstudie wat hier ontwaak is. KALDEN was 'n goeie klassikus, die verweerskrif sit vol toepaslike Latynse spreuke en aanhalings en hy het die Hottentotse taal in soverre beheers, dank sy die hulp van sy skrandere beskermeling op Zandvliet, dat as sy versoekskrif tot Here XVII in 1706 gerig om hom enige tyd vir uitsluitende taalstudie te kan afsonder, toegestaan was, hy die taal waarskynlik volkome magtig sou geword het en ons kennis daarvan verryk het soos hy Latyn magtig was en 'n bydrae tot ons Kaapse Latynse geskifte gelewer het.

Die belangstelling in die eie taal sowel as in dié van vreemde volke is 'n uiting van die Renaissance. Onder die twaalf „liefhebbers” wat in 1660 onder JAN DANKAERT 'n landtog na Monomotapa onderneem het, was reeds die „student uyt bruynswycker landt geboortich”, GEORG FREDERICUS WREDE, wat ons eerste Hottentot-woordelys, 'n voorbeeld vir J. W. DE GREVENBROECK, sou kompilleer. WREDE se „vocabulair off compendium soo hy 't noemt behelsende de Nederduytse en Hottentoose taele (die hy voor eerst met Griexe letters exprimeert op 't pampier te brengen)” is in 1663 deur die kommandeur en Raad na Here XVII gestuur waarop die volgende jaar berig ontvang word dat dit ter perse gegaan het, die kompilator sou beloon word met honderd riksdalers en bevorder tot assistent of sergeant „niet tegenstaande wy het daer voor houden dat het voor de Comp.e veel

¹⁾ Utrecht, by WILLEM BROEDELLET, 1713.

dienstiger sal wesen dat d' inwoonders aldaer onse dan wy hare tale leren en waertoe het by ulieden moeten werden aangeleyt." WREEDE speel 'n hele rol as Opperhoof, afgesette Opperhoof, weer-in-eer-herstelde Opperhoof van Mauritius waar hy in 1672 in 'n selfgemaakte boot op 'n verkenningstog skipbreuk ly en verdrink.¹⁾ Die hele plan van KALDEN om 'n Hottentotwoordeboek te maak verongeluk.

In 1704 is die Kaapse kerkgebou klaar, ds. KALDEN wy dit in en by die deur in die noordweste, na die kant van die Siekehuis, kom te staan van sy Latynse verse wat deur FRANÇOIS VALENTYN vermeld en vertaal word.²⁾ Die kerk „een zeer fraai gebouw" is onder die regering van WILLEM ADRIAAN voltooi „meest op het sterk aanhouden van de Heer PETRUS KALDEN" wat ook gesorg het dat daar gereeld 'n diens in die Siekehuis gehou word.³⁾ Hoe 'n toevlugsoord, land en so 'n Siekehuis, in 'n tyd van die verwoestende skeurbuik moes gewees het, kan ons aflei uit WILLEM YSBRANTZ. BONTEKOE se vermaaklike, tragi-komiese *Avonturelycke Reyse* van 1625 waarin die siekes uit hul kooie hul skipper toeroep: „Waren wy aan landt wy waren ghesondt" en „aan landt wesende kroopen sy by malcander in 't gras en seyden: wy gevoelen alreets beterschap".⁴⁾ Die Kaapse Siekehuis en Kerk is onafskeidelik aan mekaar verbonde. Volgens die oortuiging van KALDEN is dit die kerk wat tot troos van die siekes en vermoedides strek. Hy laat sy voorwerp self spreek terwyl dit uitkyk op die Siekehuis:

Aegrotis solamen ego fessique solamen
Fonsque salutiferos suppeditans fluvios.
Si modo Caelestes rivos affictus adibit,
Non tantum incolumis, sed satiatus erit.

¹⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Z.A.* I, p. 43, 215, 216. Die Hottentotwoordelys van WREEDE waarin die Hollandse, Hottentotse, Latynse woord naas mekaar geplaas word, is afgedruk as bylaag tot Deel I.

²⁾ VALENTIJN: *Oud en Nieuw Oost Indiën* V, pp. 15, 31, 47, 49, 136, 140, 158—9.

³⁾ SPOELSTRA: *Bouwstoffen* I, No. 14.

⁴⁾ Nuutste uitgawe die in die serie *Dietse Letteren*, 1930.

Die vertaling van VALENTYN lui as volg:

Ik ben tot troost van al de zieken, en vermoiede;
De Bron des Heils, zoo g'u maar tot dit Hemelsch Bad,
Verlegen over uw bedryven heenen spoiede;
Gy waart behouden door 't bezitten van dien schat."

Die Siekehuis is in die jaar 1699 begin, dus ook onder die regering van WILLEM ADRIAAN, na die aankoms van KALDEN, wanneer die kommissaris van die Raad van Indië, DANIEL HEINSIUS hier was, en daar 'n Latynse vers voor gemaak het wat voor die voordeur gepryk het. Hierdeur het KALDEN heel waarskynlik op die idee gekom om Latijnse verse vir die kerk te skrywe. In die vertaling van VALENTYN, kondig HEINSIUS op die voordeur aan:

„Dit huis, voor zieken opgericht, verquickt de swakken,
O Africa! schrik voor den Nederlandschen naam,
Geschikt om volkeren hartvogtig neer te hakken,
En om gehoorzaamheid te hegten aan haar Faam."

Op die suidoostelike deur van die kerk was hierdie Latynse vers van die leraar te sien:

Mystica Sponsa Poli, quae sancta palatia lustras,
Menteque divina sollicitas Dominum.
Accipe quae placidae hic panduntur faedera vitae,
Oblatumque bonum suscipe corde pio.
Spectator, quicumque venis, transisque viator,
Atria, crede, notant, quae sit ad patria via."

PETRUS KALDEN.

VALENTYN vertaal dit as volg:

„O Geestelyke Bruid! die de heilige paleizen
Bezoekt, en met veel ernst den heer bid om gena;
Ontfang de Panden des Verbonds, u hier te wyzen.
En neemt ze met een hert vol yver vroeg en spa.
Beschouwer, wie gy zyt, gewoon voorby te gaan,
Hier ziet gy klaar de weg ten hemel voor u staan."

Dit moes 'n groot feesdag in die Kaap gewees het toe ds. KALDEN vir die eerste maal die „zeer net gemaakte" trap bestyg, en vanaf die „zeer nette agtkantige predikstoel, op

een swarte ebbenhoute dikke fraei geslingerde enkele styl, 4 of 5 voeten hoog, en 5 duimen over 't kruis dik, welke stoel op yder hoek met 8 swarte fraai geslingerde pilasters, op welke een mooye kap rust, verciert; behalven dat de stoel, en de kap overal met ebbenhoute lysten omzet is" sy inwydingspreek lewer, daar gelees word uit die Statebybel wat rus „op een koperen lessenaar, zoo fraai, als ik 'er al zeer weinig gezien heb". En ds. VALENTYN, die wêreldreisiger, het heel wat kerke en preekstoele in sy dae gesien. 'n Dag der dae in ou Kaapstad, 6 Januarie 1704, vir die gemeente en veral vir die leraar.

Die skoliere is nie alleen Woensdags ordentlik in die leer van die Catechismus onderrig nie, „maar ook nu en dan Sondags na die Predicatie door D. KALDEN gecatechizeert", ¹⁾ en tog is die leraar deur 'n groot deel van die bevolking beskuldig dat hy sy pligte nie nagekom het nie.

Die Stellenbossers en Drakensteiners het KALDEN tot raserny gebring. Sy konkurrente op die Kaapse mark, landgenote uit 'n ander stand, Franse vlugteling, 'n enkele boer van Duitse afkoms span saam om hom tot val te bring. ADAM TAS in sy *Dagboek* praat gedurig van „paap Calden, den gevynsden Tempelier," „de geveinsde tempelman," „de geveinsde paap". Maar ons moet in die oog hou dat TAS bedroewend weinig eerbied vir *alle* kerkdienare en hul vergaderinge gehad het, wat hy bestempel as „kerkengeraasvergaderingen" van die „van zigzelfs hooggevoelende Tempeliers". ²⁾

Maar sy moeilikhede sou ten toppunt styg toen die voormalige Bernardynse monnik, vroeër in die abdy Boneffe (België), 'n onrustige en twissieke man, ENGELBERTUS FRAN-

¹⁾ Vgl. VALENTYN DI. V p. 140, en SPOELSTRA I No. 14 (22 April 1706).

²⁾ Ook STAVORINUS: *Reize naar de Kaap de Goede Hoop* van 1772—1776, wat sestig jaar later aan die Kaap was, hang 'n verhaal op wat meer vermaaklik dan waar is, van die predikant KALDEN, wat meer besorg sou gewees het oor sy vrag wyn wat by die kerk verbygaan dan sy preek en onder die diens die koster sou toegeroep het om te kyk, wie se wynvrag daar verbygaan!

CISCUS LE BOUCQ, in 1706 uit Nederland waar hy na sy oorgang tot die Protestantisme tot predikant bevorder was, in die Kaap aankom. Hy versoek om op Stellenbosch geplaas te word, maar word deur die Bewindhebbers tot predikant van Drakenstein benoem, en ds. BECK oorgeplaas na Stellenbosch as opvolger van HERCULES VAN LOON wat om onbekende redes vier jaar ná sy aanstelling sy hand aan sy eie lewe geslaan het en uit wie se mooi boekery TAS nog enige eksemplare aangekoop het. Op 2 April 1706 het KALDEN om 'n medearbeider gevra in die „grote oest en wyngaart waarin ik my afslove”.¹⁾ TAS het gemeen dat hy hom meer letterlik as figuurlik in die wingerd en op die saailande afsloof, maar dit daar gelate. Een ding is seker, in sy nuwe medearbeider het hy meer gekry as hy voor ingestaan het. LE BOUCQ was KALDEN se bese engel. Aangekom in die Drakenstein lewer LE BOUCQ sy papiere in op 'n kerkraadsvergadering, maar toe blyk dat daar nóg kerk, nóg pastorie, nóg skool, nóg „duits” voorleser, nóg selfs 'n begraafplaas was, is hy in 'n drifbui daar weg met die belofte om terug te kom as alles in orde was! Goedgunstiglik het hy aangebied om viermaal per jaar die sakramente te kom uitdeel. Vir die res hou hy hom onledig met die kant te kies van die Burgers in die beroeringe teen WILLEM ADRIAAN VAN DER STEL, waarin KALDEN, die predikant-staatsman-koopman, ook meegesleep word daar hy, wat rang en stand betref, op gelyke voet met die goewerneur beweeg. Die hoofbeskuldiging teen KALDEN geslinger was dat hy sy gemeente verwaarloos, hom meer besig hou met sy landgoed as met sy kansel en dat hy hom skuldig gemaak het aan onsedelike gedrag. Die afloop van die geskille is bekend — KALDEN wen die proses aan die Kaap teen sy kollega LE BOUCQ, maar ABRAHAM BOGAERT neem die klagskrif van die Burgers, opgestel deur TAS, „een sierlyk schryver”, mee, WILLEM ADRIAAN, KALDEN en die hoë amptenare word geskors en teruggeroep by missive van 28 Oktober 1706.

Pateties is die poging wat KALDEN aanwend om toegelaat te word om, soos die oud-goewerneur SIMON, sy laaste dae,

¹⁾ SPOELSTRA: *Bouwstoffen* I, p. 36.

of ten minste nog enige jare in sy aangenome vaderland te slyt. In sy brief aan die Classis Amsterdam, 26 April 1707, verklaar hy plegtig „voor God voor wiens gedugte vierschaar ik verschijnen moet” dat die laster van sy vyande hom die kroon van die hoof geneem het, beroep hom op twee testimonia van die Kaapse Kerkraad ¹⁾ wat van hom getuig as „yverig int verkondigen van zijn Goddelijk Woord, een aanzetter van de jeugt tot de Catechisatie naarstig in de studie, ja tot krenkingh van zijn gesonthijt toe”, en beloop om hom aan sy liefingstudie, Hottentots, te wy „om ook die blinde menschen dienst te doen, dat noyt onderstaan is”, as die Classis net maar vergunning wil verleen dat hy hom op Zandvliet terugtrek „om op mijn land een jaar of twee te mogen uitrusten van mijn alhier seer moylijke en sware bediening”. ²⁾

Sou dit alles geveinsdheid wees?

Niks het gebaat nie. Zandvliet moes verkoop word, maar nie voor LE BOUCQ, wat „wijdloopige Schrifturen” na Holland gestuur het waarin hy klae oor die volgens hom verkeerde toeloop van sake op die kerkraadsvergaderinge, oor die katkessie, oor die skool, oor die proses wat hy met KALDEN verloor het, oor alles en nog wat, deur WILLEM ADRIAAN na Batavië gedepoteer is, sonder traktement waar hy nog jare later op sy Kaapse wyse kwaad bloed geset het.

Op 23 April 1708 sien KALDEN op die retoervloot Tafelberg verdwyn in die verte, met Zandvliet en alles wat daar agter lê, om hom voor die Classis te gaan verantwoord. Dat hy hom op afdoende wyse „gesuivert” het, blyk uit twee briewe van die Classis, een aan sy aartsvyand LE BOUCQ en een aan die Kaapse kerkraad. Aan eersgenoemde kom die teregwyding „uwe generale beschuldigingen tegen D.D. KALDEN en BECK gaan we voorby, als ongegront en weinig met de liefde en geest van eendragt en sagtmoedigheid overeenkomende. Temeer dewijl D. KALDEN sig voor ons, tegen die beschuldigingen, tot genoeg verdedigd heeft”. ³⁾ In die brief aan die Kerkraad

¹⁾ SPOELSTRA: *Bouwstoffen* I, p. 58—59.

²⁾ SPOELSTRA: *Bouwstoffen* I, No. 17.

³⁾ SPOELSTRA: *Bouwstoffen* II No. 174.

4 Jan. 1709¹⁾ word die „onbezonnen drift” van LE BOUCQ betreur, met vreugde melding gemaak van die proses teen hom waarin „D. KALDEN bij de Hooge Regeering aen de Caep getriumpheert heeft”, en die hoop uitgespreek dat sy opvolger ds. D’AILLEY die gemoedere sal tot bedaring bring want — en hier word die teks aangehaal wat tot hede ten dae die grootste waarheid vir ons bevat, — „hoe zoet en lieflijk is ’t, dat broeders in eendragtigheid t’samenwoonen”.

In 1710 word KALDEN bevestig as predikant te Thamen aan die Amstel.²⁾ Daar skrywe hy sy *Afgeperste verweering en nodige verantwoording tegens twee nu onlangs uytgekome Laster-Schriften: Tot zijne billijke Verdediging opgesteld door Petrus Kalden, eertijts Predikant aan de Caap de Goede Hoop, en nu tot Thamen* (1713).³⁾ Hy verweer hom teen twee „lasterschriften”, die naamlose *Regte en waare oorspronk en gevolg der Caabse onlusten* en die sewende hoofstuk van die reisverhaal van ABRAHAM BOGAERT, *Historische reizen door d’ oostersche deelen van Asia*. Hy beweer dat die attestasies teen hom vervals was, dat die opstellers in die war blyk met hul datums, want in sy Contra-attestasies bewys hy dat hy op die dae gepreek het wanneer sekere ouers die eed aflê, dat hy op Zandvliet was en hul kind nie kon gedoop het nie. Teen die beskuldiging van onsedelike gedrag verdedig hy hom afdoende. Hy wys op foute in BOGAERT se beskrywing van die Kaap, waaruit hy konkludeer wie onjuis is in die kleine, ook die grote sal gaan verdraai. Die kenmerkende slot van sy verweerskrif lui as volg:

„Vorder vertroost den Verweerder sig, dat hy niet alleen is, die van die Burgeren dus is mishandelt. De Heer SIMONDS Predikant tot Drakensteyn onder de Fransen,

¹⁾ SPOELSTRA: *Bouwstoffen* II No. 173.

²⁾ Thamen is ’n ou benaming vir Uithoorn wat aan die Amstel lê. Vgl. *Wandelingen om Amsterdam* deur D’AILLY, p. 38.

³⁾ Die werkie is uiters seldsaam en is my goedgunstiglik deur prof. J. J. SMITH van die Universiteit van Stellenbosch wat die enigste bekende eksemplaar in Suid-Afrika besit, geleen waarvoor ek hom hier my dank bring.

wierd het daar soo bang gemaakt, alle hoon en smaatheden aangedaan, voor de Vierschaar aan de Caac gesleept, en met lastertaal beladen dat hem ook eyndelyk heeft doen besluyten, om die plaats te verlaten na 't Vaderland te keren en is nu geagt Predikant in Ryssel; 't hooft van die belhamels en vervolgens was JACOBUS DE SAVOYE die salve, die nu wonagtig aan de Caab en daar Litmaat, zijn oude gewoonte weder tegen den Verweerder opvolgt, om Predikanten te belasteren. Dus handelt men met den Predikant BEK, bescheyden aan Stellenbosch, diemen met alle lastertaal in schrijven doorhaalt, alle hoon en smaathed aandoet, zijn kerk laat ledig staan, van 't Avondmaal afblijft ja waar door men zijn kinderen niet wil laten doopen. Soo is den Secretaris en krankbesoeker JAN MAHIEU van eenige van Stellenbosch mishandelt, die zijn muur met geweld hebben omvergeworpen, zijn Vrouw ten uystersten swanger met de armen ten huysen uyt gesleept, en andere baldadigheden en geweldenaryen meer: En men kan nauyls de brieven nu overgekomen lesen sonder tranen, hoe dat men sonder paal of maat brood dronken uytspat tegen een yder, die haar maar in den weg is. God bid ik, wil haar vergeven de hoonen en smaadheden mij en andere Predikanten aangedaan, en sal ik met een zuyver geweten, getroost in mijn God mijn ziel in lijdsamheyd tragten te besitten."

In Nederland het hy hom soos 'n balling bly voel. Na die jare onder die Afrikaanse son kon KALDEN dit nie in sy land van grys newels meer uithou nie en in 1717 dien hy 'n versoek in om as predikant in diens van die O.I. Kompanjie na Indië te gaan, wat hom deur die Haagse Besoigne en die presidiale Kamer toegestaan is. Hy neem in Mei 1720 afskeid van sy gemeente, seil nogmaals tot aan die Kaap, sien nogmaals Zandvliet in die verte verdwyn, maar nou terwyl die skipper ooswaarts hou, waar hy na 'n veilige aankoms op 2 Maart 1721 bevestig word. Op Java was hy tydelik sonder vaste bediening, in 1722 na Ceylon gestuur en in 1723 te Pointe de Gale geplaas. Hy word na Columbo beroep waar hy tien jaar lank, van 1726 tot 1737 leiding gee in die Ceylonse kringe na sy benoeming as Rektor van die Seminarie aldaar. In 1737 kry hy op sy versoek eervol ontslag en repatrieer die volgende jaar om nogmaals, en nou

vir die laaste maal, Suid-Afrika, sy tweede vaderland, die land wat hy as jong teoloog-staatsman-koopman so hartstogtelik lief gehad het, agter hom te sien verdwyn.

Hy het 'n Nederlandse grafskrif gemaak vir die goewerneur van Ceylon, J. A. RUMPF wat 11 Junie 1723 oorlede is:

In dit nare graft lyd bedolven 't geringste deel van
den doorlugtigen RUMPF.
De ziel is tot God ten hemel opgevaren.
Die son, die soo een schitteremd licht aan onsen hemel
van sig gaf, is ondergegaan.
En laat ons ellendigen in een nare duysternis overig.
Hy, die om volkeren te regeeren, en nootdruffigen te
redden, gebooren was.
Hy, die de liefde was van onse tyd: sied daar, die
selve is gevallen.
Gij inwoonders van Ceylon, so dikwils gylieden deze sark
aanschout, stort tranen want uw vader isser geweest.
Bedroeft, heeft dit ter neder geteld, Pet: KALDEN.¹⁾

Van hom, die inwyer van ons oudste kerk in Kaapstad, „die om volkeren te regeeren, en nootdruffigen te redder, gebooren was”, is bekend nóg graf, nóg grafsteen, nóg grafskrif.

Hoe „soet en lieflik”, hoe anders kon die loop van ons kultuur- en kerkgeskiedenis gewees het as, broers van dieselfde volk, of liever, van dieselfde kerkgenootskap gewees het om in liefde saam te woon. Vir my is die herroeping van KALDEN en die hoë amptenare-hereboere deur toedoen van die vryburgers 'n ramp in ons geskiedenis. Toegegee dat hulle dikwels outokrate en selfs onderdrukkers was, die dae kom en die jare nader wanneer die stigting in vreemde hande sou oorgaan en dit juis die KALDENS en die VAN DER STELS, sou gewees het wat die Dietse geestesgoedere sou kon gehandhaaf het teen die Angelsaksiese. Want soos die oud-goewerneur SIMON, sou hulle nie hier slegs geraap en geskraap het nie, maar hul tuiste gemaak het; waar jou skat is sal jou hart ook wees,

¹⁾ Dit is afgedruk in *Rouw- en weeklage* ofte een verklaringe over de woorden Klaagl. 5 : 16... op het afsterven v. J. A. RUMPF door G. POTKEN, predikant op Colombo (1723), p. 38.

waar jou plaas, jou huis is sal jou tuis ook wees. As ons 'n sterk Hollandse aristokrasie of hoër burgerstand aan die Kaap kon opgebou het, as aan die wense van die vlottende hoër-amptenaredom op hierdie tydstip gehoor gegee is en hul hier 'n tuiste in die agtiende eeu gevind het, sou die neëntiende „eeu van onreg” anders verloop het op kultuurgebied. En hiermee eindig die verdediging vir die hereboere, die oorspronklike besitters van ons „Zandvliets” en ons „Vergelegens” met die monumente van oud-Hollandse boukuns, bevattende boekerye en skilderye, oud-Hollandse meubels, silwer en vaatwerk, later „ontdek” deur en nou in besit van vreemde heersers omdat ons sonder die puik van die Hollandse maatskappy aan die Kaap noodwendig te swak *moes* gewees het om hul te handhaaf teen 'n wêreldkultuur. Die geskiedenis het dit anders gewil.

HOOFSTUK IV.

JOERNAALHOUDERS VAN BELANG IN DIE LAASTE JARE VAN DIE HOLLANDSE GESAG.

1. AMPTENAAR EN REISIGER TEENOR INGEBURGERDE GROND- BESITTER. DIE FAMILIE CLOETE.

Na die uitbreiding onder die VAN DER STELS het daar 'n tydperk van insinking gekom.

In die eerste helfte van die 18e eeu is daar nog talrike dokumente van beskrywende aard, maar met slegs hier en daar 'n mooi beligte stukkie, b.v. die joernaal van die Stellenbosse Landdros STARRENBURG, in 1705,¹⁾ twee joernale van vroeë togte na die Warmbad nl. *Dagregister van een reis door Commissaris Cnoll naar Het warme Bad en Dagverhaal wegens de reis naar 't Warme Water*. Opgesteld door Willem van Putten, 1710,²⁾ een van RHENIUS oor 'n tog na die Namaquas in 1724³⁾ om maar enkele te noem. Maar die is van groter belang vir diegene wat in die flora en fauna en inboorlinge van ons land belangstel dan vir wie die dade en geskifte van ons voorouers die swaarste weeg.

Onder die twintigjarige regering van RIJK TULBAGH (1751—1771) het die Kolonie weer 'n periode van bloei beleef, is verskeie belangrike togte onderneem en joernale gehou.⁴⁾

¹⁾ Gedeeltelik afgedruk in GODÉE MOLSBURG: *Reizen* II, p. 1 en vlgg. 'n Fragment afgedruk in BLOMMAERT EN GIE: *Uit ou Reisbeskrywings* p. 193.

²⁾ Uitgegee deur C. GRAHAM BOTHA in die publikasies van die VAN RIEBEECK SOCIETY, No. 5, 1924.

³⁾ Gedeeltelik afgedruk in GODÉE MOLSBURG: *Reizen* II, p. 14 en vlgg.

⁴⁾ Sien verderop.

Maar dit duur tot die landtog van Mr. HENDRIK SWELLENGREBEL, afstammeling van die bekende togganger HIERONYMUS COUSE, en seun van die voorganger van RIJK TULBAGH, goewerneur HENDRIK SWELLENGREBEL, voor 'n Afrikaanse joornaalhouer van betekenis uit taal- en letterkundige oogpunt, PIETER CLOETE in 1776 aan die woord komt in 'n *Journal van eenen landtogt die den ondergeteekende met den Weledelen heer Mr. Hendk. Swellengrebel in den jare 1776 gedaan heeft.* ¹⁾ En dit in die tyd van die grootste korrupsie. Die laaste kwart van die agtiende eeu onder die opvolger van RIJK TULBAGH, goewerneur VAN PLETTENBURG (1771—1785), is die begin van die end. Die geringe eerlikheid van die amptenare wat die besteling van die Kompanjie vir geen skande meer gehou het nie, ²⁾ het die doodsklok van die Edele Kompanjie help lui, waarmee die Dietse kultuur in Suid-Afrika enorme skade gedoen is. Daar is nou 'n duidelike verskil tussen die amptenare, inwoners van die stad, en die bewoners van die buiteland, landbouers met minder opleiding en ontwikkeling maar wat gunstig afsteek wat eerlikheid betref, by die stedelinge. ³⁾ In die verafgeleë binneland het die mentaliteit en die toestand van die boere meer te wense oorgelaat soos begryplik is by 'n trekkende gemeenskap wat vandag nie weet waar hul môre hul hoof sou neerlê nie en gebuk gaan onder die monopolistiese stelsel van die Kompanjie. Maar ook daar het die vooraanstaande Kaapse boere plase gehad wat hul af en toe besoek het, wat nie anders as heilsaam op die trekkende gemeente kon gewerk het nie. Onder daardie groot landbouers neem

¹⁾ Uitgegee deur GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen IV*, p. 1 en vlgg.

²⁾ Vgl. A. L. GEYER: *Das Wirtschaftliche System der niederl. Ostind. Komp. am Kap der Guten Hoffnung (1785—95)* p. 20. H. T. COLENBRANDER: *Koloniale Gesch.* dl. I p. 165, dl. II p. 295.

³⁾ Vgl. J. S. STAVORINUS: *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengallen enz.* Gedaan in de Jaeren 1768—1771 door den Heer J. S. STAVORINUS, schout bij nacht bij de Admiraliteit van Zeeland. Gevolg van eenige belangrijke aanmerkingen over den Aart, Gewoonten, Levenswijze, Godsdienstplegtigheden en Koophandel der Volkeren in die gewesten." Twee dele, Leiden 1793.

die families CLOETE en VAN REENEN¹⁾ die belangrikste plekke in.

JACOB, die stamvader van PIETER CLOETE het in die tyd van VAN RIEBEECK aan die Kaap gekom.²⁾ Hy het vryburger geword en die eerste eiendomsreg wat in die boeke van die landmetergeneraal voorkom, het betrekking op hom. Sy grond het aan die Liesbeekrivier gelê en in 1659 het hy nog veertig akkers bygekry waar daarop skyn te wys dat hy 'n bekwame boer was. Na die dood van sy vrou wat hom drie kinders nagelaat het, was hy nog 'n keer terug na Europa, het gou weer teruggekom en geboer tot in 1693 wanneer hy op sy plaas vermoor is. Sy nakomelinge het plase in die distrik van Stellenbosch gekry, 'n paar het na Graaff-Reinet en tot in Namaqualand getrek maar die meeste het tog in die omgeving van Kaapstad gebly. Een van hulle, HENDRIK, is in 1725 met HESTER ANNA LOURENS getroud en het een van die grootste grondbesitters, die trotse eienaar van „Constantia” geword wat hy vir die enorme som van f 30,000.— van JAN SERRURIER gekoop het.³⁾ Daar het hy en sy seuns getrou die tradisie van SIMON VAN DER STEL voortgesit en wyn gemaak wat destyds met die beroemde Hongaarse Tokayer vergelyking kon deurstaan. Van sy elf kinders, waaronder ag seuns, het nie minder as vyf groot landbesitters en landbouers geword, twee het in die lêr gediën en slegs die sesde kind PIETER LOURENS het amptenaar geword, met watter gevolge sal later blyk.

Die tweede kind, PIETER,⁴⁾ gedoop 18 Julie 1756, as landmeter vermeld, het met Mr. SWELLENGREBEL op reis gegaan en die families CLOETE en SWELLENGREBEL het jare lank

¹⁾ Sien verderop.

²⁾ Vgl. C. C. DE VILLIERS: *Geslachtregister in voce Cloete*. J. H. VERDUIJN DEN BOER: *Schetsen uit het Kaapse Leven van de 18e en 19e eeuw*, Kaapstad 1929. p. 29.

³⁾ Die inventaris van „de goederen, die ik (H. CLOETE) van den Heer JAN SERRURIER bij den Plaats Constantia voor f 30.000.— gekogt heb” is in die Swellengrebel familie-argief, Oudenbosch en afgedruk deur A. HALLEMA in *Zuid-Afrika* Nov. 1933.

⁴⁾ Goed te onderskel van PIETER LOURENS, sy jonger broer.

kontak met mekaar gehou. PIETER en Mr. HENDRIK was albei gebore Afrikaners maar die een was ingeburger, die ander 'n toeris, want die seun van die Kaapse Goewerneur na wie SWELLENDAM genoem is, is met die vader mee na Nederland in 1751 waar hij sy opvoeding gekry het. Diep lê die fondament deur die Hollanders aan die Kaap gelê maar dit hang nie meer van die Hollanders af nie, ook nie van die enkele gebore Afrikaner wat hom teruggetrek het na sy tweede vaderland en van daaruit sy belangstelling steeds wakker gehou het, maar van die Afrikaner self of hy hom op Dietse fondament sou handhaaf.¹⁾ Daarom het die wetenskaplik beter onderlegde Mr. SWELLENGREBEL m.i. vir ons minder betekenis dan PIETER CLOETE. SWELLENGREBEL het drie reise deur die Kaapkolonie onderneem in 1776 en '77, joernale en relase daarvan bygehou, die Duitse tekenaar JOHANNES SCHUMACHER het pragtige sketse en akwarelle daarvan gemaak maar hy het „kanunnik en domdeken” van Utrecht geword en sy plek het hom nie meer in Suid-Afrika geken nie.²⁾ Jare lank het hy nog met die familie van sy reisgenoot vanuit sy buiteverblyf „Schoonoord” by Doorn gekorrespondeer oor die ekonomiese en politieke toestand van die Kolonie, die vader van PIETER,

¹⁾ Vgl. BOSHOFF: *Volk en Taal van Suid-Afrika*, 1921, p. 62.

²⁾ OOR SWELLENGREBEL en Swellengrebeliana. Vgl. A. HALLEMA: *Een bezoek van Mr. Hendrik Swellengrebel aan den Kafferkapitein Jeramba*. *Zuid-Afrika*, Sept. 1932.

A. HALLEMA: *Onze kennis over Zuid-Afrika in het verleden, speciaal in betrekking tot de Nederlandsche Kaapkolonie in de 18de eeuw uit de Journalen van Mr. Hendrik Swellengrebel*.

Zuid-Afrika, Sept. 1933.

A. HALLEMA: *Mr. Hendrik Swellengrebel's handschrift van het Tweede Rejsjournaal betreffende een tocht door het Noord-Oosten der Kaapkolonie tot in het Kafferland, vergeleken met de gedrukte uitgave van Cloete's relaas dezer reis in de jongste Linschoten-publicatie*, verzorgd door Dr. E. C. GODÉE MOLSBERGEN. *Zuid-Afrika*, Oct. 1933.

A. HALLEMA: *Toestanden en Gebeurtenissen in het Kaapsche Boerenbedrijf gedurende het laatste kwart der 18de eeuw*. Enkele ekonomiese gegevens en particuliere bijzonderheden uit de onuitgegeven correspondentie tusschen de familie CLOETE in de Kaapkolonie en Mr. H. SWELLENGREBEL op den huize „Schoonoord” bij Doorn in de tachtiger aren der 18de eeuw. *Zuid-Afrika*, Nov. 1933.

die Oud-Heemraad HENDRIK, het hom oor die landboubedryf in die algemeen en die modelboerdery op „Constantia” in besonder, ingelig, maar die „Swellengrebeliana,”¹⁾ die werk van ’n gebore Afrikaner wat in Nederland geleef het, is tog meer Nederlandse koloniale literatuur in teenstelling met die „eie goed” wat CLOETE voortgebring het. Albei het die lewe, sedes en gewoontes van die naturelle in hul relase beskryf, albei het ons ’n kyk op die koloniste en hul ekonomiese toestand gegee maar die deurtrekkende reisiger SWELLENGREBEL is veel minder simpatek teenoor die grensboere, dan die landgenoot wat hul aard en moeilikhede beter aangevoel het.

Graag neem ons aan dat uiterlike versorging van die geheel, die spelling van eie name,²⁾ noukeurigheid en volledigheid, in die voordeel van die joernaal van SWELLENGREBEL pleit, die man wat beter as CLOETE die geleentheid gehad het om rustig op „Schoonoord” sy beskrywing saam te stel en daaraan nog bibliografiese aantekeninge toe te voeg. Maar die onopgesmuktheid van CLOETE, sy Afrikaanse gees en enkele Afrikaanse woord het tog groter bekoring vir ons.

Op 10 September 1776 vertrek hul van „Nooitgedagt” ’n plaas van „den oud-heemraad mr. HENDRIK CLOETE” in die distrik van Stellenbosch op ’n toer deur die land van Waveren, die Bokveld, langs die Breede Rivier deur Goudrivier en Brandvlei. By die Gamka of „Leeuwen Rivier” wat nie verniet daardie naam gedra het nie, vind hul in die woorde van CLOETE, wat sterk Afrikaans aandoen, „de dragt en gewoonlijke opschik eener Hottentottin, haar caros sterk bebloeid” en die spoor van ’n leeu wat iets voortgesleep het. Later beleef hul ’n avontuur met ’n leeu wat realisties beskrywe word.

Die Kafferkapitein JERAMBA wat hul aan ’n klein syviertje „tabee” toeroep, geniet die eeste aandag. Hy kry ’n presentjie en tabak en as ’n weergeskenk laat hy ’n „mandje” melk waarin ’n jong Kaffer met ’n deurgesneë „callebas”

¹⁾ In die familie-argief van H. A. M. SWELLENGREBEL, „De Molen”, Oudenbosch.

²⁾ PIETER spel hul familienaam altyd „Cloeten” na die Afrikaanse uitspraak daarvan wat nog gehoor word.

roer, voorsit waar die reisigers beleefdheidshalwe van drink „maar 't smaakte zeer slegt, want 't was halfdikke en zuure melk.” Met RUYTER, die Hottentotkapitein aan die Boesmansrivier, amuseer die geselskap hul uitstekend. Onder sy volgelinge „was er een die Nederduytsch sprak” en die het as tolk opgetree. Die reisigers het 'n „graaf” meegebring waarmee hul die Hottentotte help bynes uithaal. Die „graaf” sou hul wel graag besit het, maar die paar stukkie koper en krale en veral die grenadiersmus wat RUYTER gekry het „waarmede hij zeer in zijnen schik was,” het hul tevrede gestel. Die basterd kaffers onder hul was ook uitstekend gehumeurd, laat selfs toe dat die reisigers hul die baard afskeer en die hare poeier en doen alles „met een lachend weesen.”

Uit alles merk ons hoe jeugdig die gemoed van die joernaalhouer nog was. Hy geniet volop van die fratsie met die inboorlinge, het nie die skerp kritiese gees van SWELLENGREBEL wat die groot onderskeid tussen Afrikaner en Hollander kenmerk, gehad nie. SWELLENGREBEL praat van hul wegwyers, twee trekboere PRINSLOO en POTGIETER, as sorgelose, lughartige wesens, 'n veroordeling wat hy baseer op die feit dat toe vyf osse deur die leeus verslind is, hul tog nog vrolik kon wees, „ledigden een vaatje brandewijn, dat zij voor den grooten tocht hadden medegenomen, speelden over den dag met de kaart en dansten tot laat in de nacht zeer lustig.”¹⁾ Hieroor is hy blykbaar bedroef en geskok. CLOETE daarenteen swyg oor hierdie begryplike insidentjie, is opgetoë oor die pragtige veepos van JACOB VAN REENEN in die distrik van Swellendam en die tuin, koringwatermeul, mooi huis „en zeer fyne koussen, van wol hunner schapen gebreyd” wat hy op die plaas van JACOB KOCK aan die Zeekoei Rivier sien. Hy is ook vol entoesiasme vir die skilderagtigheid van die heuwels langs die Sondagsrivier, „die zo regulier leggen, alsof het fortificatie-

¹⁾ *Zuid-Afrika*, Oct. 1933. Hieruit meen A. HALLEMA, *Zuid-Afrika*, Oct. 1933 p. 146 te moet aflei dat „zorgeloosheid, luchthartigheid of het zich willen vergeten in een drankroes”, die mentaliteit van die koloniste gekenmerk het. Dit is onbillik om dergelike konklusies te trek uit die gedrag van twee trekboere wat die reisigers toevallig langs die pad ontmoet het.

werken zijn" en vir die „hol van druypsteen" tussen „Hanglip en d'Anbrosiushoek" wat hul op hul terugreis besoek. Daar het 'n hele nuwe wêreld vir die boerseun oopgegaan, met 'n bly, oop gemoed het hy kennis gemaak met die afgeleë deel van sy land en veilig op Nooitgedagt teruggekeer, die dag na Kersfees, 1776.

PIETER is op 12 September 1779 met CATHARINA CHRISTINA SCHELLER getroud. Sy het hom oorleef en is in 1791 hertroude met JOHANNES ZORN, VAN KEMPEN. Ons reisigers het geen kinders nagelaat nie en sy geesteskind, die reisjoernaal, het op die Ryksargief in Nederland verseil geraak.

Anders was dit gesteld met sy amptenaar-broer, PIETER LOURENS wat in 1787 met CATHARINA URANIA VAN REENEN in die huwelik getree het. Die het tien kinders gehad, waaronder ses seuns. Dit is tekenend dat daardie Oranjegesinde amptenaar sy seuns, HENDRIK, die later Regter CLOETE, skrywer van *Five Lectures on the Dutch Farmers* (1856) en JOSIAS, later Sir JOSIAS, na die eerste Engelse skool wat onder leiding van die Rev. WEAVING hier in 1797 opgerig is, gestuur het.²⁾ Die gevolge het nie uitgebly nie. Al het die vader sy twee seuns HENDRIK en JOSIAS in 1803 na Groningen en Leiden gestuur toe hy gemeen het dat die Kolonie lang onder die Bataafse Republiek sou bly, die kalf was reeds verdrink in die put van WEAVING! Hul het hul albei uitstekend by die nuwe heersers aangepas.

2. HENDRIK JACOB WIKAR, „SCHRIJVER IN 'S E' COMPLES HOSPITAAL".

In die reisjoernaal van 'n Afrikaanse boerseun wat sy eienaam na die Afrikaanse uitspraak „CLOETEN" spel, het

¹⁾ Sien verderop.

²⁾ Sir ANDRIES STOCKENSTRÖM, Mr. D. VAN RYNEVELD, Mr. WILLIAM VAN RYNEVELD, Mr. P. TRUTER het almal hierdie skool besoek en hul het op geen uitsondering na heeltemal Engels georiënteer geraak. Dié families was almal Oranjegesind. JAN CLOETE moes die pandoere by die eerste oorgawe van die Kaap aangevoer het maar hy was dikwels nie eers teenwoordig nie en „de dappere broeders Linden" soos H. D. CAMPAGNE sing, het sy werk gedoen en aan die sy van DIRK VAN REENEN gestaan. Sien verderop.

woorde soos „graaf”, „karos”, „bebloeid” voorgekom wat vreemd moes geklink het in die ore van sy pas uit Nederland gearriveerde toggenoot. Nog sterker Afrikaans gekleur was die taal van HENDRIK JACOB WIKAR wat hom tipies Afrikaanse woorde en vorme soos „ongedierte”, „pensvel”, „legewaan”, „pampoens”, „gevernield”, „geslaan” laat ontval het waardeur die taalgeleerdes hom aan die vergetelheid ontruk het.¹⁾ WIKAR was eenmaal „schrijver in 's E. Compies Hospitaal” aan die Kaap en vir die onbeholpeheid met die Nederlandse taalvorm waaroor hy hom geskaam het, is daar 'n grondige rede. Vir sy letterkundige verdienste kon hy die hoof hoog gehou het. Die „native of Sweden”²⁾ is in Gottenburg die geboortestad van OLOF BERGH gebore. Hy het na die Kaap uitgekom as soldaat in diens van die Kompanjie na hy 'n tydlang in Amsterdam gedien het. Hier is hy „als schrijver in 's E. Comp^{IES} Hospitaal” werksaam gewees. Op 4 April 1775 het hy weggeloop in 'n jaar toe nog 29 ander soldate ook gedros het. Aan die oproep op 4 Januarie 1776 om binne vier weke by die Kasteel te verskyn het hy hom bitter weinig gesteur en nie minder as vier jaar lang onder die Hottentotte rondgeswerwe in die omstreke van die Oranjerivier. By sy terugkeer het hy 'n geskrewe *Berigt aan den Weleedelen Gestrengen heer Mr. Joachim van Plettenbergh.... van 't geene my ondergeteekende ontmoet is, wat ik gehoord ende gezien hebbe, zeedert dat ik langs de groote rivier op ende needer gesworven hebbe,*³⁾ oorgehandig op 18 September 1779 en angstig die straf van die deserteur afgewag.

En wat hêt hy nie alles „gehoord ende gezien” in die vier jaar nie! In alle nederigheid het hy hom verontskuldig „dat dit mijn verhaal zo eenvoudig en ongereguleerd geschreeven is,”

¹⁾ Sy taal is beslis geen Nederlands nie, maar ook geen Afrikaans nie, dit is Afrikaansgekleurde Nederlands.

²⁾ Vlg. W. PATERSON: *A Narrative of Four Journeys into the Country of the Hottentots and Kaffraria in 1777, 1778, 1779.* 2nd Ed. p. 104. Die lewensbesonderhede is ontleen aan GODEÉ-MOLSBERGEN: *Reizen II*, Voetnote op pp. 6, 72, 73, 78, 79, 81, 85, 93, 95, 96, 97, 100, 103, 118, 134, 137, 138.

³⁾ Afgedruk in MOLSBERGEN: *Reizen II*, p. 78 en vlgg.

maar dit is een van die aantreklikste verhale op Afrikaanse bodem ontstaan, waarin die Afrikaanse gees kragtig spreek. Die aantreklikheid sit veral in die eenvoud van taal en styl, in die opregtheid en naïwiteit waarmee hy alles vertel tot sy eie wit-leuen aan die leier van 'n groepie Hottentotte by die Groot-Rivier dat hy 'n boer is wat 'n plaas kom soek. Hy sluit hom by hul aan, help ywerig mee om vlotte te maak en na 'n paar dae steek hy saam die rivier oor. Hul kom met ses verskillende stamme in aanraking wat almal langs en in die omtrekke van die Groot-Rivier woon en van die word nou die sedes en gewoontes duidelik onderskei en uiteen gesit, besonderhede gegee wat nêrens anders so interessant vermeld word nie. Ons hoor van grieselige gebruike soos „andersmaak” ('n wrede manier waarop diere geoffer word) en van gifdrink, van kommunistiese begrippe van „opligbroers” wat mekaar in alles bystaan en niks mag weier nie, van melkdrinkers „wanschapeltyk van vettigheid” wat die staat en rykdom van hul stam in die omvang van hul kolossale liggaam moet aandui, met die dubbele gevolg dat na die kuur die „boutvleys begint met barsies en rimpels te springen, zoals de buykvel van een jonge meyd, die zwanger gaat” en die toordokter-oppasser „ook niet mager” daaruit sien, soos WIKAR dit met 'n raak beeld en ondeunde glimlag uitdruk.

Onvervals en skilderagtig is sy taal en tekening van die lagwekkende manier waarop een stam 'n ander weet terug te hou van direkte handel met die rykste stam, die Namaquas. Hul dreig dat as die handelaars dit tog waag „zal haar kop als een voogelstruys eyerdop in vlakke worden” . . . „en haar kop klapperdop zal in de vlakke gevonden worden.” Fantasties is hul verskyning, gedos in 'n „afgeslagte voogelstruysvel” waarmee hul die wild op listige manier weet te betek en so van die immerknaende hongerpyne verlos word. As hul geluk getref en hul oorversadig het aan 'n seekoei, val hul om van die slaap in 'n Olifantspad, 'n paar word doodgetrap, en ander „een stuk van de wangvlijs af!”

Maar so 'n feesparty kom maar selde voor. Gewoonlik staar die hongersnood hul in die gesig en dan eet hul van alles en nog wat behalwe die haas wat hul dood gooi waar

hul hom ook aantref. In 'n taal wat deur sy heldere eenvoud en kinderlike naïwiteit goed die sprokies atmosfeer vertolk, het WIKAR hul rede vir hierdie vervolging van die knaagdier vertel nl.:

„Dat Tzoekoab of God zoude in oude tye (toen die menschen so treurig waaren, daarover dat haare vrienden kwamen te sterven) een boodschap aan den haas gegeeuen hebben, dat hij moeste den menschen boodschappen, dat ze over zulks niet hoefden treurig te zijn, dewijle zij en haare vrienden schoon zij nu kwamen te sterven, tog t'eeniger tye weder herleeuen zouden gelijk de nieuwe maan. Den haas beloofde zulks te verrigten, maar had aanstonts den schelm in de mouw, gong bij de bosluijs, zeijde hem de boodschap aversegts verkeerd, en verzogt hem, dat aan de menschen te vertellen; deeze bragt in, dat 't voor hem te vroeg was, hij had zijn kleij of voorkros nog niet aan, en zeijde dat den haas kon beeter loopen als hy, hij konde deeze boodschap zelfs schielijker verrigten. Waarop den haas zulks zelfs gedaen heeft, maar hij loog en zeijde aan de menschen: die dood is, zal dood blijven en niet herleeuen, gelijk de nieuwe maan; en dat word van haar niet geloofd, maar dat ze te eeniger tye weer zullen herleeuen gelijk de nieuwe maan.”¹⁾

„Weer herleeuen gelijk de nieuwe maan” is die droom van alle ondermaanse. In hierdie verbasend interessante verhaal herleef HENDRIK JACOB WIKAR, die man wat doodsangste uitgestaan het vir gewonde leeus en aanstuiwende renosters en olifante, die swerweling wat dit eendag so „braaf” koud vind, die ander so smoorheet dat hy om die beurt wou verkluum of verstik; die rustelose soeker wat die geluk nie onder die vreemde binnelandse stamme kon vind nie en op 'n goeie dag weer sy gesig Suidwaarts gekeer het na die Kasteel en die beskawing. As 'n beloning vir sy onverganklike „Berigt” het dit die Raad van Polisie behaag om hom die deserteur 'n week later, 25 September 1779, „weederom als soldaat in dienst der E. Compie aan te neemen, en de daartoe staande gagie van

¹⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* II, p. 118—119.

19.— ter maand, van dato deeser te laten Cours neemen," wat hy dan ook dubbel en dwars verdien het.

Hy het 'n mooi belofte vir verbetering van sy taal en styl en dwaalweë afgelê maar die deur tog oopgehou ingeval die knellende bande van die sielodende skrywerswerk in diens van die Kompanjie hom te magtig word en die „wonderlust" weer van hom besit neem. Daarom sluit hy sy „Berigt" af met die woorde „als ik van UweEede Gestre gunst" mogte profiteeren om ter plaisiere en dienst van Uwelee Gestreng eene andere reijse landwaards in te moogen doen, zoude ik 't moogelijk beeter maken." ¹⁾

3. ENERGIEKE AFRIKAANSE BOERE-JOERNAALHOERS, JACOB, WILLEM, SEBASTIAAN VALENTYN EN DIRK VAN REENEN.

In 'n populêre boekie, *Uit den Goeden ouden Tijd der Kaapkolonie* deur 'n anonieme skrywer oor die land- en volkekunde van Suid-Afrika word melding gemaak van 'n smeekskrif „der kwijnende Burgers door hoogen nood geperst" wat tydens die regering van goewerneur VAN PLETTEMBERG die beskerming van Heere XVII teen hul goewerneur ingeroep het ²⁾ (1779). Hierdie smeekskrif is opgestel deur JACOBUS VAN REENEN, die leier van die deputasie wat die griewe teen die amptenare gaan uiteensit het. Dit was die ou storie van ADAM TAS en WILLEM ADRIAAN weer oor, alleen was die kloof tussen boer en vlottende kompanjiesdienaar vir wie die WILLEM ADRIAAN—KALDEN skandaal dit onmoontlik gemaak het om hom hier te vestig en hy dus maar geraap en geskraap het waar dit kon om so gou as moontlik weer weg te kom, heel wat

¹⁾ Daar bestaan 'n netjies op die Kasteel geredigeerde edisie van die verhaal van WIKAR (Van Plettenburg-argief, Rijksargief, 's-Gravenhage) wat ek sorgvuldig met die origineel vergelyk het en ek kom tot dieselfde konklusie as GODÉE MOLSBERGEN (*Reizen* II p. 78 in 'n noot) dat dit die aantreklikheid van die oorspronklike mis.

²⁾ Amst. 1869. Die offisiële dokumente is te vind in die vier dele *Kaapsche Geschillen* 1785, lopende van 1 Maart 1779 tot 28 Julie 1785. THEAL: *History of South Africa 1691—1795*, pp. 232—235, 258—261 bespreek die saak.

dieper geword. Die verskil tussen Hollander en Afrikaner sowel wat geesteshouding as taal betref, was voltrek. Van nou af kon die steun van Holland dankbaar aanvaar word of moedswillig verwerp, maar Diets Suid-Afrika sou in vervolg sy heil of ondergang in sy eie hande hê al was hy hom daar nog nie van bewus nie. Tot heil het die energieke boere, gebore Afrikaners JACOB, WILLEM, SEBASTIAAN VALENTYN en DIRK GYSBERT VAN REENEN ruim bygedra.

Die stamvader JACOB VAN REENEN (of RHEENEN) het waarskynlik uit Duitsland in 1721 in Suid-Afrika aangekom. Sy afstammeling het hul op die landbou gaan toelê en van die grootste landbesitters geword soos in die geval van die familie CLOETE met wie hul deur geestelike en egtelike bande nou verbind was.

JACOB die opsteller van die memorie teen goewerneur VAN PLETTENBERG wat hom laat afvaardig het na Holland om die petisie van 1779 aan Here XVII voor te lê, Burgerraad en lid van die Weeskamer in Kaapstad, was een van die rykste burgers van die land, het eiendoms- en leningplase besit in die Kaapse distrik sowel as in die afgeleë dele van die Kolonie en deelgeneem aan jag- en verkenningstogte na die binne-lande. Toe die skipbreukelinge van die Engelse skip die „Grosvenor” moes opgespoor word, is die leiding van die ekspedisie na Kafferland aan hom toevertrou, Augustus 1790, en het hy die aantekeninge van die reis gehou wat in 'n Engelse bewerking verskyn het.¹⁾

Die broers WILLEM en SEBASTIAAN VALENTYN, het in 1791 en 1793 onderskeidelik togte onderneem, WILLEM na die Groot Rivier en SEBASTIAAN VALENTYN langs die Weskus na Walvisbaai. Van 17 September 1791 tot 20 Junie 1792 was WILLEM op reis maar die droë opsomming van riviere en berge wat hul oortrek en van renosters wat hul skiet, in sy

¹⁾ Na sy aantekeninge het Capt. EDW. RION in London, 1792, uitgegee *A Journal of a Journey from the Cape of Good Hope*, undertaken in 1790 and 1791 by JACOB VAN REENEN and others of his countrymen in search of the wreck of the *Hon. the East India Company's ship The Grosvenor*. Die Hollandse bewerking was 'n vertaling uit die Engelse (MOLSBERGEN: *Reizen* II pp. 141 en 171).

kort *Journal* ¹⁾ skyn daarop te wys dat die geselskap jagters òf nie veel beleef het nie òf dat die leier 'n slegte verteller was. Interessant is alleen maar die waarneming dat die Damaranasie hul slegs met stokke verdedig, „kirrie by ons genaamd” soos die Afrikaanse skrywer verduidelik en waarmee ons dadelik in 'n Afrikaanse sfeer geplaas word. En tog is die joernaal beter bekend en het meer invloed uitgeoefen dan die van sy broers. ²⁾

Die reis van SEBASTIAAN VALENTYN met die skip die „Meermin” in geselskap van sy broer DIRK en die Franse see-offisier, FRANÇOIS DU MINY het uit 'n materiële oogpunt minder opgelewer maar lees vlotter en gemakliker. Hul het hul opdrag van die Commissaris-Generaals NEDERBURGH en FRYKENIUS ontvang om 'n baai op te soek van waar hul oor land by 'n myn, aan VAN REENEN bekend, sou uitkom. Volgens die *Journal* ³⁾ het hul 3 Januarie 1793 vertrek en was 10 April onverrigter sake weer tuis. Maar awonture het hul genoeg beleef met 'n Amerikaanse skipper, 'n Engelse stuurman en die Namaquas. 'n Vreeslike storm het opgesteek toe hul in die skuitjie op weg na die wal was, met hul hoede het hul die water uitgehoos en toe met lewensgevaar versigtig en „overstaadigt” soos die Afrikaner skryf, wat die woord „langsaam” nie meer gebruik het nie, onder die wal geroei. As hul eindelijk meen op die spoor te wees van die burger wat hul sou kon help, weier die inboorlinge om 'n brief oor te dra en die „gantsche bende” vertrek met mooi beloftes om terug te keer met draagosse en slagvee, daar hul „niets ver” meegebring het nie. 'n Tipies Afrikaanse woord soos „spinnekop”,

¹⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* II, p. 141. Ook verskyn in *Het Z.A. Tijds.* 1889.

²⁾ C. G. BÜTTNER het in 1889 die joernaal uit die *Z.A. Tijds.* vertaal: *Die erste Reise eines Europäers nach Damaraland*, in: *Zeitschrift der Ges. für Erdk. zu Berlin 1889*, S. 239 bis 246. Die Duitse vertaling is herdruk in *Die Altesten Reiseberichte über Deutsch-Südwestafrika*. Gesammelt und herausgegeben von Prof. Dr. EDUARD MORITZ, Berlin, 1915. In die inleiding praat Dr. MORITZ van die taal van die Hollandse tekste as „gewöhnlich schwerfällig und unklar.” Vir die Afrikaner is daar nie een enkele onverstaanbare woord of sin in nie.

³⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* II, p. 150.